


SOEK DIE HERE IN SY TEMPEL



Jan J. van der Walt

SOEK DIE HERE IN SY TEMPEL

Deur
Prof. Jan. J van der Walt

Uitgegee deur
POTCHEFSTROOMSE TEOLOGIESE PUBLIKASIES
1982

(Die familie van prof. Van der Walt en die PTP het goedgunstiglik
ingestem dat die boek elektronies versprei mag word)

ISBN 0 620 06276 2

INHOUD

VOORWOORD	6
Soek die Here in Sy Tempel	7
1. Die goedheid van die Here aanskou en ondersoek.....	7
2. Verkenning van die vak Liturgiek.....	8
2.1 Die herkoms van die naam	8
2.2 Verskillende definisies van Liturgiek.....	9
3. Kerk en erediens	10
3.1 Die kerk.....	10
3.2 Die erediens	11
4. Die vorme en orde van die erediens	16
4.1 Voorbereiding vir die erediens	16
4.2 Die Votum	17
4.3 Die Seën	19
4.4 Gemeentesang	28
4.5 Die geloofsbelydenis.....	32
4.6 Afkondiging van die Wet.....	33
4.7 Skriflesing	33
4.8 Die gebede in die erediens	35
4.9 Die preek as liturgiese handeling.....	40
4.10 Die afsluiting van die erediens.....	44

VOORWOORD

Met "Soek die Here in sy tempel" is getrag om veral drie doelwitte na te streef:

- om die teologiese studente in te lei in 'n studie van die liturgie;
- om die lidmate in te lei in 'n beter verstaan van hulle ere-diens;
- om die inleiding Skriftuurlik te verantwoord.

As die Here wil sal 'n tweede en derde deel volg waarin onderskeidelik die Sakramente saam met die formuliëre en die Seremonies, soos huweliksbevestiging en begrafnisse, behandel word.

Wanneer hierdie werkie diensbaar word deur slegs iemand in te lei na 'n dieper belewenis deur 'n sinvoller begrip van die erediens, sal dié genadewerk van die Here in sy tempel my genadeloon en vreugde wees.

JAN J. VAN DER WALT

POTCHEFSTROOM

5 April 1982

Soek die Here in Sy Tempel

1. Die goedheid van die Here aanskou en ondersoek

Wat *is* die erediens? Wat *gebeur* daar? En waarom *gaan* 'n gelowige daarheen?

Op hierdie vrae wil die vak *LITURGIEK* antwoord gee, sodat gelowiges nie 'n erediens sal "*ondergaan*", bloot "*bygewoon*" nie. Hulle mag nie passief daar sit om deur die liturg toegesprek, of selfs vermaak, te word nie. Hulle moet *self aktief* deelneem. En dit kan 'n kerkganger net doen as hy verstaan wat gebeur en *waarom* dit gebeur. Die reeks gebeurtenisse in die erediens noem ons die *LITURGIE*.

'n Gelowige NEEM met vreugde en oorgawe aan die erediens DEEL wanneer hy met begrip van sake saam met Dawid vervul is van die biddende verlange:

"Een ding het ek van die HERE begeer,
dit sal ek soek:
dat ek al die dae van my lewe
mag woon
in die huis van die HERE,
om die lieflikheid (goedheid) van die HERE
te aanskou
en
te ondersoek
in sy tempel"

(Ps. 27:4). Daar staan baie min uitsprake in die Bybel wat 'n duideliker weergawe gee van die wese van 'n erediens en die betekenis van die liturgie.

LITURGIE is "*aanskou*" en "*ondersoek*". Ons moet die werkwoorde nie louter vergeestelik nie. "*Aanskou*" (lah^azōt [לַהֲזֹת]) is verrukte, in geestesvervoering met welgevalle (be) aansien; om met verrukking van vreugde te sien met die geestes- en vleeslike oog; om te belewe. In die liturgie van die Ou Testamentiese erediens was die sigbare tekens van God se Selfopenbaring ryklik teenwoordig in offerandes en seremonies. Die erediens van Israel het nogtans in skerp onderskeiding gestaan met die godsdiensoefeninge van die heidene wat hulle god in 'n beeld gesien het. Die tweede gebod verbied dit uitdruklik in die erediens van God. Tog praat die Ou Testament veelvuldig van "die Aangesig van die HERE" en ook van die "aanskou" daarvan (Ps. 11:7; 17:15; 63:3; 42:3). In die erediens word die teenwoordigheid van God erken en belowe sonder dat daar sprake is van die sien van 'n *gestalte*. In Ps. 63:3 word gesê: Ek het U "sterkte en heerlijkheid" gesien, en in Ps. 27:4 "die goedheid van die HERE" word aanskou. Dit is nie louter figuurlik "sien" nie, en daarom nie te vergeestelik nie. In die liturgie, die reeks gebeurtenisse in die erediens, laat God iets van sy Selfopenbaring *sien*. Calvin sê in sy kommentaar by hierdie vers dat God Hom in die Woord, Sakramente, openbare gebede en die ander hulpmiddels van hierdie aard, aan ons vertoon soos in 'n spieël of beeld (1970, p. 330).

"*Ondersoek*" (ûl^ebaqqēr [וּלְבַקֵּר]) is hier nie bloot 'n parallelisme, na die reël van die Joodse liriek nie. Die woord het 'n te sterk eie betekenis en is dus aanvullend. Dit beteken "bestudeer, navors, nadink".

Deelname aan die erediens is om met innerlike bewondering die HERE se Selfopenbaring na te vors en na te dink. So was Jesus op twaalfjarige ouderdom — wanneer Hy volgens Joodse gebruike vir die eerste keer in grootmensgeselskap mag verkeer! — in die tempel besig met die heilsgheime van sy Vader (Luk. 2:46, 49).

Ons leer in Ps. 27:4 ook *wat* in die tempeldiens aanskou en ondersoek word: God se goedheid (Kyk: Delitzsch, 1839; p. 435). Die begeerte van die gelowige kerkganger is na die vriendelike,

goedgunstige, genadevolle God wat deur sy Selfopenbaring in die erediens kenbaar word. Ps. 90:16 en 17 lê 'n noue band tussen die heerlijkheid en die goedheid ("lieflikheid") van God.

Dit is ook van betekenis dat die erediens geskied "in die tempel". Die vraag is of Dawid die psalm geskrywe het, terwyl in sy tyd slegs die tabernakel en geen tempel bestaan het nie. Was Dawid die digter, dan is "in die tempel" 'n profesie. Die tempel is die plek waar God onder sy volk woon. Daar wil die gelowige psalmdigter ook woon, bestendig, lewenslank (Ps. 23:6). Dit gaan om 'n innige en lewende persoonlike omgang met God. Die feit dat die gelowige se één allesoorheersende begeerte hierop gerig is beteken dat erediens en liturgie nie enkele aparte en losstaande momente en handelinge van sy lewe is nie. "Woon" en "al die dae van my lewe" en "begeer" en "een ding" tesame sê: die erediens en liturgie is organies ineengewef met die *voortdurende* geloofslewe van die gelowige — trouens, daarsonder is erediens en liturgie formaliteite en onpersoonlike godsdienskultuur.

Vir die Ou Testamentiese gelowige het die gemeenskap met God en die ondervinding van sy goedheid 'n hoogtepunt gehad in die tempeldiens, want daar was God sigbaar teenwoordig in die wolkkolom bo die ark binne in die heilige der heilige (Lev. 16:2; vgl. Eks. 40:34; 2 Kron. 7:2, 3). Daarom is by die ware gelowige die allesoorheersende begeerte na die *gemeenskap met God in sy tempel*. Vir die gelowige wat 'n persoonlike daaglikse gemeenskap met God ken, bly die aanskou en ondersoek van sy geopenbaarde heerlike goedheid in die tempel, dit is die vergaderde gemeente (1 Kor. 6:19; Ef. 2:21), steeds 'n hoogtepunt van geestelike ervaring en daarom van begeerte.

Daarom "*soek*" (imperfektum) die gelowige wat hy "*begeer*" (perfektum). Let op die gebruik van die onvoltooide verlede tyd (imperfektum) saam met die verlede tyd (perfektum). Daarmee word die ernstige verlange uitgedruk wat van die verlede tot in die toekoms strek en dus die hele lewe dek, selfs profeties vooruitgryp op die ewige saligheid (Op. 21:3, 22, 23; 22:4, 5). Dit omsluit die gebed van die hart en die daadwerklike ontginning van die praktiese moontlikhede.

2. Verkenning van die vak Liturgiek

2.1 Die herkoms van die naam

Liturgiek kom van *leitōs*- (wat die volk aangaan) en *ergō* (werk). *Leitos* beteken: Dit wat op die volk betrekking het, en dus is *ergon leiton* 'n werk wat in diens van die volk gedoen word. Deur die Griekse vertaling van die Ou Testament (LXX) is die woord *Leitourgia* [λειτουργία], wat eintlik staatsdiens aandui (Rom. 13:6), oorgedra op die kerklike amptelike bediening: Die priesterlike diens van Sagaria (Luk. 1:23); die apostoliese diens wat die geloof van die gemeente as 'n offerande aan God bring (Fil. 2:17); die Middelaarswerk van Christus (Heb. 8:2, 6). (Kyk: T.D.N.T. IV, s.v. *leitourgia* [λειτουργία], 1969 p. p. 216-20; Matter, 1965, p. 66).

Terwyl die Griekse Ou Testament (LXX) die woord uitsluitlik gebruik vir amptelike dienswerk in die erediens, kry ons in die Nuwe Testament 'n uitbreiding van die gebruik van die woord. In Hand. 13:2 word dit nie van die eng kultiese diens gebruik nie maar van *die gewone Christene se diens aan God*. En Paulus gebruik dit vir die kollekte wat hy insamel vir die arm gemeente te Jerusalem (Rom. 15:27 en 2 Kor. 9:12 vgl. Fil. 2:30).

Die woord word nêrens in die Nuwe Testament gebruik vir die ampte van die apostels, profete, ouderlinge en diakens nie, omdat hulle diens verrig word as organiese deel van die gemeente (Van der Walt, 1976, p. 61).

Strathmann (s.v. *Leitourgeo* [λειτουργέω], T.D.N.T. IV, 1969, p. 228) kom tot die konklusie dat so 'n gebruik van die woord liturgie in die vroeë Christendom onmoontlik was want die taak van die ampsdraers was nie vergelykbaar met dié van die priesterlike offerdiens nie. Soos die boek Hebreërs, (o.a. 6:10), uitdruklik aantoon het die priesterlike offerdiens van die Ou Testament sy doelwit volkome bereik in die selfofferande van Christus. Die gesondenes van Christus en die leiers van plaaslike gemeentes het nie nodig om 'n *liturgie vir* die gelowiges te vervul nie, maar hulle

taak is om die woord van die kruis te verkondig as *die liturgie wat vervul is*, eens en vir altyd. Die nuwe gemeente *het* geen priesters nie, want die Christelike gemeente *is* priesters (Heb. 10:19).

Ons moet met nougesette aandag onthou *liturgie* beteken eenvoudig diens — die gelowige diens aan God. In die Nuwe Testament is *liturgie sinoniem met diakonia*, die meer algemene woord vir alle diens aan God en die medemens. (Kyk ook Kuiper, 1909, p. 511).

Liturgie is die priesterlike diens van alle gelowiges aan God, en — in God se diens — aan die naaste.

By Clemens tree 'n betekenisverlegging in, weg van hierdie Nuwe Testamentiese betekenis, wat lei tot die Roomse onderskeiding tussen *priesterlike* ampsdraers (clerus) en *onmondige* lidmate (leke). "*Leitourgein* [ληιτουργεῖν], *leitourgia* [ληιτουργία] word sodoende gebruik om die kultus aan te dui en bring nuwe kultiese elemente in, veral die mis, sodat Ou Testamentiese seremonies wat deur Christus vervul is herlewe en Hom en sy werk opsyskuif (Kyk Strathmann, idem, p. 229).

2.2 Verskillende definisies van Liturgiek

Op voetspoor van Abraham Kuiper se artikels in *Heraut* (1901) beskrywe *W. Heyns Liturgiek* as "die wetenskap wat die vasgestelde vorms vir die openbare erediens tot voorwerp van ondersoek het" (1903, p. 3).

Die Nederlandse Hervormde *E.F. Kruijf*, lê die klem op die "voorganger" en sluit die "preek" uit: Liturgie is die vasstaande vorm vir die verskillende handeling, met uitsondering van die preek, wat deur die voorganger van die gemeente in die openbare godsdiensoefening behoort verrig te word (1901, p. 3). Met hierdie standpunt laat Kruijf die Ou Testamentiese priester die Nuwe Testamentiese erediens oorneem. Die gedagte dat die liturg "kerk hou" is regstreeks botsend met die Nuwe Testament.

H. Jonker, uit die konserwatiewe Belydenisgebonde vleuel van die Nederlandse Hervormde Kerk, lê 'n besondere aksent op die "dinamiek van die gepredikte Woord": 'n ordening van die samekoms van die gemeente, waarin die dinamiek van die Woord van God gebeur en waarin die gemeente in die geleentheid gestel word om op die dinamiek van die Woord van God te reageer in skuldbelydenis, aanbidding, lofprysing, deelname aan die heil (sakramente), gemeenskap, offerande en diensbetoon buite die samekoms. En dit alles in lewende verbondenheid met die tradisie van die kerk. (*Liturgiese Oriëntasie*, derde druk, s.j. p. 45).

Vir 'n eie definisie van *Liturgiek* kan die tradisionele Gereformeerde stelling van Heyns as basis dien mits daarby die kritiese funksie van wetenskaplike ondersoek in gedagte gehou word. Kruijf se uitgangspunt dat dit die voorganger se handeling betref moet afgewys word op grond van die algemene priesterskap van die gelowiges. En van Jonker kan ons leer uit sy stelling in verband met die dinamiek van die Woord: Die liturgie skep die moontlikheid en die geleentheid om op die dinamiek van die Woord van God in waaragtige geloof te reageer. Die liturgie is die kragveld van die Woord van God.

Die reduksie van gemeente van Christus tot "hoorgemeente", die devaluasie van die bediening van die Woord tot 'n "leerrede", en die verskraling van die diens tot "luisterdiens" sonder meer, doen te kort aan die dinamiese krag van die Woord van God, verontagsaam die dialogiese aspek van die goddelike Waarheid en is ver verwyderd van die oorspronklike bedoeling van die samekomste van die eerste Christelike gemeentes.

In ons reformatoriese kerke sal ons ons moet bevry van die loutere "hoorgemeente", juis omdat ons soveel geloof heg aan die krag van die lewende Woord van God. Die praktyk van die godsaligheid, dikwels beperk tot die binnekamer en die konventikel, sal teruggebring moet word na die plek waar dit ook hoort, nl. in die samekoms van die gemeente.

Liturgiek kan soos volg omskrywe word: *Dit is die wetenskap wat tot voorwerp van studie het die VORME en die ORDE wat die KERK in die lig van die HEILIGE SKRIF VASGESTEL het vir die OPENBARE*

EREDIENS waar God met SY VOLK wat Hy deur Christus met Homself versoen het, in 'n LEWENDE GEMEENSKAP tree deur sy GEES en WOORD, sodat die volk Hom SAAM AKTIEF EER.

3. Kerk en erediens

Die *liturgie* word bepaal deur die karakter van die erediens en die erediens word bepaal deur die karakter van die kerk.

3.1 Die kerk

Dit is hier nie die plek om die dogma oor die kerk volledig te bespreek nie, behalwe daardie aspekte wat die liturgie besonderlik beïnvloed. Die bespreking word ook beperk tot die gereformeerde beskouing, wat die Bybelse openbaring oor die kerk weergee.

3.1.1 Die *kerk* is die *gemeenskap van die heiliges (gelowiges)*. Augustinus het gepraat van die *communio sanctorum* (gemeenskap van heiliges). Hierdie beskrywing geld nie slegs die heilige algemene Christelike kerk (universele kerk) nie, maar ook die plaaslike kerk (Ef. 2:19-22): Die kerk is gelowiges. Die liturgie reël dus die *handelinge* van die *gelowiges* wat *saam* die *Here eer*, waarin hulle self aktief is en nie bloot passief toekyk of aanhoor wat die liturg doen nie.

3.1.2 *Calvyn*, op voetspoor van *Bucer*, het by die geloofseenheid in die kerk ook 'n skerp begrip gehad vir die Skriftuurlike openbaring dat die kerk 'n *organiese eenheid* is. Elke gelowige moet in die organisme ingeplant wees, persoonlik betrokke wees. Want as alle lidmate nie verenig is onder én met Christus, die Hoof van die kerk wat in sy hemelse heerlijkheid is, bestaan daar vir die kerk geen hoop op die toekomstige erfdeel nie (Inst. IV, 1, 2; II, XVI, 16). Soos die ledemate met die hoof saamhang, hang die lidmate met die Hoof saam, en onderling met mekaar in die eenheid van één geloof, hoop en liefde. Hierdie lewenseenheid van Christus en die kerk maak die kerk onvernietigbaar (Inst. IV, 1, 1).

In die liturgie moet aan die organiese eenheid uitdrukking gegee word deurdat die *gelowiges as 'n eenheid in Christus* voor God tree en met Hom verkeer. Christus en sy kerk is een lewenseenheid, ongeskeie en onvermeng (Van der Walt, 1976, p. 47).

3.1.3 *Kerk en verbond* hang vir Calvyn baie nou saam. Die genadeverbond is met Christus gesluit, maar met Hom as Hoof van sy liggaam, d.i. die kerk (Inst. II, X, 2; IV, XV, 16, 17, 19, 20). Die gelowiges wat in Christus verbind is, word in die liturgie sigbaar deur die doop wat in die verbond inlyf (Inst. IV, 1, 7).

Hiermee het Calvyn die eenheid van sigbare en onsigbare kerk onder één Hoof, Jesus Christus, behou. Ook in sy sigbare bestaan is die kerk *corpus ac societas fidelium* — 'n organiese eenheid en 'n onderlinge gemeenskap van gelowiges (Inst. IV, 1, 3).

3.1.4 *Kerk en amp*

Christus word nie deur die ampte in die kerk verteenwoordig nie maar sy gawes word deur hulle bedien. Calvyn beroep hom veral op Ef. 4:15, 16: Sien u hoe die apostels alle mense sonder uitsondering in die liggaam stel, en die eer en naam van Hoof alleen aan Christus laat (Inst. IV, 4, 9).

In sy kommentaar by Ef. 1:22 maak Calvyn die sterk uitspraak: Selfs die alleruitnemendste in die kerk is nogtans een van die lede onder die algemene Hoof. En: Die eenheid van die gemeente hang aan Hom alleen. Die liturg tree dus nooit op in die plek van Christus nie maar bedien alleen sy Woord. Die gemeenskap is deur die *enigste* Middelaar, Jesus Christus, tussen God en sy gemeente en nie tussen liturg en gemeente nie: die liturg *dien* slegs die gemeenskap.

Christus skenk sy gawes in die kerk so dat die gelowiges dit aan mekaar moet bedien, omdat elkeen slegs 'n beperkte deel ontvang. Die kerk kan dus nie gesond wees sonder onderlinge liefde nie. Daarom moet die lidmate teenoor mekaar dien as "kanale" (Calvyn by Ef. 1:16) waardeur die Hoof

sy liefde in die kerk bedien. Om *in* die kerk te wees moet 'n gelowige die ander gelowiges dien en nie sy eie belang soek nie. Waar die liefde nie regeer nie word die gemeente nie gestig nie maar verwoes. *Die liefde is nie alleen die gesindheid waarmee gelowiges mekaar in ag moet neem by die vasstelling van die liturgie nie, maar in die liturgie self moet die liefde beoefen word.*

3.2 Die erediens

3.2.1 Die erediens is 'n samekoms van die gelowiges om saam die Verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy Hom met genade in hulle midde stel en hulle ontmoet. Die erediens is 'n *tweerigting geestelike verkeer* tussen God en sy volk.

3.2.2 Die plek van die *liturg* is om die "vriend van die bruidegom" (Joh. 3:29) te wees. Die liturg is NOOIT self aan die woord nie, maar is altyd die mondstuk (nie die verteenwoordiger nie en nog minder die plaasvervanger) van God of die gemeente in die tweegesprek van die liturgie. 'n Gemeente gee sy aandeel in die tweegesprek met droewige geestelike skade uit sy hand aan die liturg oor. God doen dit nooit. 'n Valse liturg matig hom dit aan om in die plek van God te spreek, maar dan is daar nie meer 'n erediens nie, want die ontmoeting tussen bruid en bruidegom is dan deur die "vriend" van die bruidegom deurbreek en vir homself oorgeneem.

Die gemeente moet SELF sy EREDIENS aan God verrig en SELF SY GOD ONTMOET.

3.2.3 Die volgende *karaktertreke* van die erediens kan onderskei word:

* *Die erediens is 'n vergadering*

In die Heilige Skrif openbaar God dat die erediens van die gemeente nie 'n blote *versameling* van gelowiges is nie, maar 'n *vergadering* van gelowige lidmate van die *plaaslike kerk*.

In Heb. 10:25 word gepraat van "ons onderlinge byeenkoms", of 1979 vertaling: "die samekomste van die gemeente". Die woord "byeenkoms" (*episunagōgē* [ἐπισυναγωγή]) verwys na die saambring van God se volk (Matt. 23:37; 24:31; Mark. 13:27; Luk. 13:34), en in 2 Thess. 2:1 na die finale samekoms van Christus met sy volk. Die woord beteken: bymekaar bring op een punt. En na analogie van *sunagōgē*: die vergadering op 'n plek. Die woord hou in: *versamel* en *verenig*, met 'n *liturgiese karakter* (Kyk: Schrage, T.D.N.T. s.v. *episunagōgē*, deel VII, 1969 p. 842).

Die Kategismus (S. 38) gee met die erediens — "*met die gemeente van God ywerig opkom*" — uitdrukking aan 'n staat van ingeskakel wees, lid in die liggaam wees. Daarom is nie die gebou bepalend nie, maar die *gemeente*.

A. Kuyper (1911, p. 17v.) verklaar dat juis die "los wees van 'n gebou die byeenkoms karakteriseer as 'n vergadering wat gemaak en bepaal word nie deur mure maar deur die aanwesigheid van die lede van die gemeente. Hoewel die erediens as vergadering nie gelyk te stel is met enige ander vergadering nie, want dit dra 'n eiesoortige karakter as 'n vergadering met God, staan dit tog vas, sê Kuyper, dat die grondtrek, die grondkarakter van elke wettige, ordelike vergadering ook by ons eredienste moet deurgaen. Hierdie karaktertrek noem Kuyper vir die hele liturgiese vraagstuk 'n beslissende feit, want dit sluit *willekeur* uit. *Die liturg kan nie maar volgens eie insig optree nie*. Hy, saam met die hele vergadering is onderworpe aan die algemene reëls waaronder die vergadering, of in casu die gemeente leef en sy lewe tot uiting wil laat kom.

Individualisme, en daarmee *egoïsme*, word deur die vergaderingkarakter uitgesluit. *Die liturgie behoort nie aan die liturg nie maar aan die vergadering.*

Immers, waar die liturg vry is om heeltemal volgens eie goeie dinge te werk te gaan, *DAAR IS GEEN LITURGIE NIE*, want deur die inperking van sy vryheid met vaste vorme en orde *ONTSTAAN DIE LITURGIE*, aldus Kuyper (idem).

'n Liturg (predikant) mag nie sy eie kop volg nie, maar moet die liturgie *en die wyse waarop hy daarin optree*, skik volgens wat die kerkraad reël, terwyl die kerkraad op sy beurt weer die instemmende

medewerking van die gemeente deur pastorale sorg moet verkry, en geen dwang uitoefen sonder pastorale opbou met die Skrif nie. Die Gereformeerdes het in die traumatiese geskiedenis van die "Gesange-kwessie" genoeg ondervind om 'n afsku aan hiërargiese, individualistiese afdwing van liturgiese optrede te gee.

"Onderlinge byeenkoms" spel ook uit dat die lidmate nie sonder regte is in die vasstel van 'n liturgie nie (Kuyper, idem, p. 19; Heyns, idem, p. 68 v.). Dit is bekend hoe 'n predikant met 'n kerkraad 'n gemeente hierin kan oorbluf en van sy regte beroof, "maar dan rand hy, en saam met hom die kerkraad, die algemene priesterskap van die gelowiges aan, en sal die gemeente die kerkraad anders moet saamstel" (Kuyper — vertaald —, idem, p. 20).

Veral 'n *besoekende predikant* moet homself met sy voorkeure nie op 'n gemeente afdwing nie, maar *hom skik na die liturgie van die kerk* waar hy 'n gas is, tensy die liturgie aldaar in stryd is met God se Woord.

* 'n *Erediens* is 'n *samekoms van die gemeente met God*

Die gelowiges tree in die erediens in *gemeenskap met God*. Elkeen doen dit persoonlik, maar tegelykertyd doen almal saam dit in die eenheid van die ware geloof.

Hierdie karaktertrek lê reeds in die Ou Testamentiese woord vir die *plek* van samekoms, die *tabernakel* (= die tent van samekoms — Eks. 27:21). "Samekoms" dui hier nie op 'n daadwerklike teenwoordigheid van die hele volk nie (Eks. 25:22). Die ruimte in die "voorhof" van die tent was te klein ($\pm$ 650 vk. m.); die tabernakel was die plek waar die Here met Moses saamgekom het en met hom gespreek het. (Eks. 33:7 praat van 'n ander tydelike tent). In die Allerheiligste, deel van die tabernakel, was die "woning" waar die HERE in die midde van die volk "gewoon" het om sy gemeenskap met hulle aan te toon (Eks. 25:8, 9. Kyk: 24:16, 29:45, 46; Num. 5: 3: 35:34; Eseg. 43:7, 9; 48:35; Sag. 2:10, 11; 8:3; Op. 21:3). Die "woon" van die HERE is ingelei deur die neerdaling van die wolk van sy heerlijkheid (Eks. 40:34, 35) en is alleen moontlik deurdat daar 'n priesterskap en 'n offerdiens as bemiddeling van gemeenskap is (Eks. 28 en 29). Die verplaasbare tent toon *God se vereniging met sy volk* in hulle rondtrekkende bestaan: God woon by sy volk. Die tabernakel is 'n voorafskaduwing (Op. 21:3, 22; 22:4) van die intieme, van aangesig tot aangesig, verkeer van God met sy volk op die laaste dag wanneer geloof oorgaan in aanskouing. Die tabernakel is die aardse afbeelding, die aardse sinnebeeld van die hemel as woonplek van die Here (vgl. Hand. 7:44, 48-50; Heb. 8:5; 9:11, 24; Op. 11:19; Bybelse Ensiklopedie, 1955, p. 470. Kyk: Gispén, 1939, p. 125).

Die woon van God by sy volk is dus nie 'n verbygaande fase nie. Erediens is: soeke van die blywende gemeenskap met God.

Die vergadering van die gemeente is eers erediens wanneer dit inderdaad samekoms met God is as resultaat van blywende geloofsgemeenskap met Hom.

Hierop lê die nagmaalsformulier klem deur by die nagmaal voor te skrywe: "Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word moet ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn verkleef bly nie, maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van sy Vader is".

Erediens GEBEUR eers as die hart deur die tekens heen kom by GOD SELF

God is, so belowe Hy, by die samekoms van sy volk teenwoordig.

"Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep" (Deut. 4:7; Kyk ook Ps. 5:2; Matt. 28:20).

A. Kuyper (1911, p. 23) sê *dit kan nie gedurig genoeg herhaal word nie dat erediens gemeenskap is met die lewende God*. Elke erediens moet die doel hê om die vergaderde gemeente persoonlike en lewende gemeenskap met God Self te laat smaak en om dit nie in uitwendige formaliteite te laat verloop nie. Anders mag daar geleerdheid, selfs diepsinnigheid, daar mag straffende erns wees, maar godsdiens

en dus erediens is daar nie sonder die persoonlike lewende gemeenskap met God nie.

'n Liturg — en elke lidmaat in die erediens — moet hom in elke handeling van die erediens afvra hoe die doel bereik kan word: lewende gemeenskap met God Self.

Die geheim is: die werking van die Heilige Gees. Hy getuig saam met ons gees (Rom. 8:16, 26, 27) en Hy deursoek die "diepe God" en "openbaar" Hom aan ons (1 Kor. 2:10).

Wie die Heilige Gees nie het nie, liturg of lidmaat, bly in die erediens 'n "dor" plant sonder om "sappig" te wees of te word (Kuyper, idem).

"As iemand die wet van Moses verwerp, dan sterf hy sonder ontferming op die getuigenis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het" (Heb. 10:28v.).

** Die erediens is 'n samekoms in Christus*

Die Nuwe Testamentiese uitdrukking "in Christus" word nie hier volledig verklaar nie, maar om dit nie sonder begrip as 'n blote "mooi uitdrukking" te gebruik nie, word die volgende, vir die huidige genoegsame, verklaring gegee: "In Christus" druk die verbondenheid van die kerk met Christus uit. Besnydenis en doop (Kol. 2:11) is bevestiging van die eenheid van die kerk met Christus, so dat die kerk deel het aan wat met Hom gebeur. Dit druk dus die verbondseenheid uit tussen Christus, die Middelaar, en die kerk. Dit is die formule waarmee die kerk se versoening met God deur die Middelaarswerk van Christus saamgevat word.

Almal wat in die erediens saamkom, is sondaars met die onsalige fontein van opstuwende sondes in hulle eie harte (Kuyper, idem, p. 24).

Hoe verder die deelnemer aan die erediens gevorder het op die weg van geloof en heiligmaking hoe sterker sal sy selfaanklag wees, en daarom: hoe blyer is sy vreugde dat hy voor God mag verskyn "in Christus", d.w.s. in sy versoening. So tree die sondaars wat glo die erediens in as *heiliges* — dit is hulle onderskeiding van die wêreld en hulle toegang tot die gemeenskap met God: "geheiliges in Christus Jesus" (1 Kor. 1:2).

Die Skrif gebruik 'n sterk uitdrukking deur naas *hēgiasmenois* [ἡγιασμένοις] nog *hagiois* [ἁγίοις] te stel. *Hagios* [ἅγιος] is (in onderskeiding met vroom) die bepaalde woord wat van God gebruik word. Jes. 6:3; Op. 4:8. *Hagiazo* [ἁγιάζω] is die daad van God waardeur Hy uit die sondige wêreld uitlig, Joh. 117:19, en met Hom in toegewyde gemeenskap bring; waardeur Hy dit moontlik maak om met Hom te verkeer. 1 Thess. 5:23; Heb. 2:11. *Hierdie positiewe betekenis van "heiliges" moet voorop staan en nie die negatiewe begrip "afgesonderd" nie.* God se daad van heiligmaking is nie moontlik sonder om die onreine weg te neem, d.i. sonder *versoening* nie. Op grond van 'n daad van God in Christus, waarvan die gevolge in die hede voortduur deur Christus, lewe die Korinthiërs (en alle gelowiges) as geheiliges in toegewyde gemeenskap met God wat in die hemel woon. (Kyk: Grosheide, 1957, p. 36).

Die wêreld belaster die gelowiges, Satan kla hulle aan en hulle eie gewetens bevestig die aanklag (HK. antw. 60) — nogtans vergader hulle in gemeenskap met God wat 'n verterende vuur is (Heb. 12:29). Die teenstrydigheid word "in Christus" — in die eenheid van lewensgemeenskap met Christus — opgehef.

Daarom is daar buite Christus geen geheiliges, geen gemeente, geen erediens, geen geseënde ontmoeting met God nie, maar slegs oordeel en verdoemenis.

Erediens is alleen moontlik omdat die gelowiges met mekaar verenig is in een Hoof (Ef. 4) en deur Hom versoen is met God (Heb. 10; 2 Kor. 5:11v). 'n WONDER!

EN VIR DIE GELOOF 'N WONDERLIKE WERKLIKHEID!

** Die erediens is 'n fees*

Dit gaan om die stemming in die erediens. (Kyk: Heyns, 1903 p. 73 v.; E.F. Kruijf, 1901 p. 52). Die blye en dankbare liefde tot God vir die liefde wat Hy aan ons skenk moet in die erediens die bótoon bepaal, en dit onder alle omstandighede. Let op die toon van Ps. 27:1-3 wat oorgaan in die allestebowegaande vreugde in God in vs. 4. Die vreugde in die genade van God kenmerk die ganse liriek wat tempel-liriek is. Dawid trek sy roukleed uit wanneer hy na die dood van sy kind na die tempel gaan, 2 Sam. 12:20.

Die Ou-Testamentiese erediens was gekenmerk deur feesviering. Maar sodra dit nie meer vreugde in God is nie dan haat Hy die feesviering (Hos. 2:10; Am. 5:21; 8:10; Jes. 1:13, 14).

Die Nuwe-Testamentiese gelowige het nog meer grond om vol vreugde te wees want in Christus is God se beloftes vervul. Daarom kan Paulus die opdrag tot blydschap in die Here met aandrang stel: "Verbly julle in die Here" (Fil. 3:1; 4:4).

Heyns (1903, p. 74) stel met goeie reg *as algemene reël* dat die feestelikheid veral die laaste deel van die erediens moet kenmerk. In hierdie deel van die erediens is 'n batoon van dankbaarheid die normale, 'n eenparige uitdrukking van lof en dank en verheerliking van God.

Deur 'n gemeenskaplike uitdrukking van lof en dank vervul die slot van die erediens die doel om die besef dat seën ontvang is te vestig en te verdiep. Dit geld sowel die gemeenskaplike belewenis as die persoonlike omgang met God.

Deur berekend die aandag hierop te vestig sal die feestelike belewenis van vreugde in die genadige God deur Jesus Christus nie so gou verskrimpel voor die sorge van die lewe wat buite die kerkdeure die feesvierende inwag nie.

** Die erediens is waar*

Die beginsel van waarheid volg uit die wese en doel van die erediens.

'n Ontmoeting met God kan nie toneelspel wees nie — die ontmoeting gebeur of gebeur nie. Daarom moet uit die samekoms van die gemeente met God alle onwaarheid en onwaaragtigheid uitgeban word, en die samekoms moet geskied "in gees en in waarheid" (Joh. 4:21-24). Met Jesus se koms het ook 'n nuwe tydperk vir die erediens aangebreek. "Ware aanbidders" (*Alēthinoi proskunētai* [ἀληθινοὶ προσκυνῶται]) is nie slegs 'n teenstelling met huigelaars en vormdienaars nie, maar dui ook — in teenstelling met die Jode en Samaritane — op mense wat God so dien soos Hy in sy Woord voorgeskrywe het as *egte, waaragtige* aanroepers van sy Naam. "Waarheid" — veral by Johannes — dui besonderlik op verbondswaaragtigheid en trou. So kom 'n verbonds-troue volk in erediens saam met hulle troue en waaragtige Verbondsgod.

Ware erediens is daar waar 'n mens deur Christus geleer het om God as Vader te dien (vgl. ook Joh. 4:21). Die erediens (proskunēsis [προσκυνήσις]) geskied "in gees en waarheid" (en pneumatī kai aletheiai [ἐν πνεύματι καὶ ἀληθείᾳ]). In die konteks het Jesus twee sake beklemtoon:

— erediens wat hierdie naam werd is word nie beperk deurfisiese oorwegings nie, bv. op watter plek dit geskied (4:21);

— die erediens geskied in 'n gees van waarheid, d.w.s. met helder en egte kennis van God wat deur openbaring ontvang is (4:22).

Volgens Jesus se onderrig beteken "in gees en waarheid":

* aanbidding van God so dat die hele hart in die handeling betrokke is;

* dat dit geskied in volle harmonie met die waarheid wat in God se Woord staan.

So 'n erediens is *GEESTELIK* en nie formeel, *INNERLIK* en die uitwendige skyn nie. Die gelowige eer die enige ware *God*.

Vir sommige is die gesindheid, nederigheid en geestelikheid, van weinig betekenis. Vir ander is waarheid en leersuiwerheid van geen belang nie. Beide is eensydig en ongebalanseerd en dus dwaalleer, want ware erediens geskied "in gees en waarheid" (Kyk: Hendriksen, 1959, p. 167).

'n Erediens wat "in gees" plaasvind is dus nie gebonde aan plek of voorwerpe nie. En "in waarheid" dui aan dat die vorme en tekens nie bloot na iets heenwys nie, maar dat die handelinge self (qua handeling) inderdaad die erediens self is — dus: God eer. Grosheide (1950, p. 298) verklaar — vertaald —: "Die redenasie is: Die ware aanbidders wat geestelik hulle eer aan God gee mag so genoem word omdat hulle wat Hom op hierdie wyse dien waarlik gemeenskap beoefen met God, want God soek sulke aanbidders. Dan is daar aksie van God na die mens toe. Daar staan nie dat God die mens soek omdat die mens God op die regte wyse dien nie. Daar staan dat God eers deur Jesus se mond leer en daarna oproep om in gees en waarheid te aanbid. Hy bepaal dus self, teenoor alle ethelothrēskia [ἐθελοθηρῆσκία] (selfgemaakte godsdienste — J.J. v.d. W) (Kol. 2:23), die karakter van die erediens en ag die wat dit doen ware aanbidders omdat Hy hulle soek. Waar God die ware erediens laat ontstaan, daar woon Hy ook".

Om waar te wees moet die erediens in alles beantwoord aan en strek tot die doel: die verheerliking van God en stigting van die gemeente. Dit beteken objektief: Skriftuurlikheid; en subjektief: egtheid, waarmee saamgaan begrypbaarheid, eenvoud.

Die *subjektiewe waarwees* word besonderlik beklemtoon deur die eis dat die erediens uitoefening van erediens aan God deur die gemeente moet wees. Dit is 'n *bedreiging vir die waarwees van die erediens* dat die gedagte so algemeen posgevat het dat die eintlike doel van kerkgang is "om die predikant te hoor preek" en nie OM SELF EER EN DIENS AAN GOD TE BRING NIE.

Daar is middellike en onmiddellike erediens. Kuiper (1911, p. 28) het die onderskeid gemaak:

- * 'n Middellike erediens geskied *deur middel van* wandel, gedrag, woord, stemming in die gewone gang van die lewe.
- * Onmiddellike erediens gebeur as die gewone lewe tot stilstand gebring word en die gelowige hom dan opsetlik, prontuit en sonder bemiddeling tot die Almagtige God Self wend om aan Hom die offer van sy lof en liefde te bring.

In die openbare erediens moet die gemeente (en in die gemeente elke gelowige as lewende deelgenoot) onmiddellike erediens beoefen. Dan is die erediens waar.

Sonder die subjektiewe waarwees is die "erediens" *vir God 'n vernedering* (Mal. 1:6-14).

- * *Die erediens is aanbidding*

Jooste (1957 p. 5vv.) het die aandag besonderlik gevestig op die erediens as aanbidding: "Aanbidding is godsdienstige eerbetuiging". Aanbidding kan dus nie beperk word tot 'n "gebedsaksie" nie. Jooste stel aanbidding veel ruimer as gebed, en sinoniem met erediens (p. 9) en verwys na Matt. 4:10; Hand. 10:26, saam met die negatiewe 2 Thess. 2:3, 4 en Op. 13:11-18. Aanbidding is "die bring van godsdienstige eer aan God".

Die eerste vereiste is: Die *ware* God moet aanbid word. Daarom moet die gelowige God *reg ken* soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het. Die gevaar is wesenlik dat 'n mens God na jou eie smaak sal DINK.

Vir die gelowige moet God lewe want Hy openbaar Hom Self met: "EK IS" (Eks. 3:14).

Sonder kennis van die *lewende* God ontaard die erediens maklik in lippetaal en vormgodsdienste.

Die tweede vereiste is dat die gelowige homself moet ken: hy is 'n *begenadigde* en 'n *geroepene*. Hierdie kennis maak hom begerig om gedurig naby God te lewe. "Dan sal dit moontlik wees om in opregte oorgegewendheid voor God in aanbidding te verskyn en daardeur sy algehele afhanklikheid voor God te erken en te openbaar. So sal sy godsdienste vir hom die dien van 'n ware lewende God wees

en nie 'n vorm wat hy van jongs af nakom maar wat 'n ontsielde handeling is nie" (Jooste, idem). "As die eredienste dan ook waarlik 'n weerspieëling moet wees van die hoe en eerbiedwaardige gevoel vir God wat in die daad van aanbidding tot uiting moet kom, dan moet die gelowige aanbidders vertrouwd wees met die diepe gedagte wat deur elke (liturgiese) vorm gedra word" (Jooste, idem).

Hierdie aanbidding het by Israel ontbreek, daarom die skerp verwyttende vermaning en afkeur van God in hulle eredienste in o.a. Mal. 1:6-10.

In Matt. 4:10 wys Jesus die versoeking van die Satan af met 'n vrye aanhaling van Deut. 6:13: "Die Here jou God moet jy aanbid" (Deut. 6:13: "vrees"). Hiermee word die *onoorbrugbare kloof* tussen Jesus en die satan duidelik: Jesus is die gewillige Knecht en die satan die gevalle engel. Dit gaan om die *wortelgebod* (Ridderbos, 1941, p. 72): God alleen moet aanbid word as die enige God. *Aanbid* (*proskunein* [προσκυνεῖν]) word altyd gedoen met iets of iemand wat deur die aanbieder as God erken word (Greener, T.D.N.T. s.v. *proskuneō* [προσκυνέω], deel VI, 1969, p. 763. Kyk Calvin, Institusie II, viii, 16).

Dit is opmerklik dat *proskunein* in die Nuwe Testament dikwels voorkom in die Evangelies en Handelingen, en weer in Openbaring. Maar in die Briewe ontbreek dit, met die uitsondering van enkele aanhalings uit die Ou Testament (Heb. 1:6:11; 21; 1 Kor. 14:25). In Hand. 24:11 en 1 Kor. 14:25 het die woord 'n duidelike liturgiese betekenis. Veral 1 Kor. 14:25 lê klem op die onvoorwaardelike erkenning van God as die enige God.

Die woord "aanbid" (*proskunein* [προσκυνεῖν]) wys op die *konkreetheid* van die eerbewys aan God. *Proskunesis* [προσκύνησις] vereis sigbare Majesteit voor wie die aanbieder buig. Die Seun van God was sigbaar vir almal (die Evangelies) en die verhoogde Here sal weer sigbaar wees as geloof oorgaan in aanskouing (Openbaring).

Dit beklemtoon hoe konkreet, werklik, reël die gelowige God se teenwoordigheid moet belewe en ken in 'n erediens van aanbidding. "Aanbidding is minder een zaak van welgekozen woorden, maar veeleer een onder de indruk komen van die werkelijkheid van het wezen van God" (W. Becker, aangehaal deur Versteeg, 1976, p. 46).

Maar God kan alleen dan aanbid word as Hy geken word as die hoog verhewe (transendente) God wat bo ons menselewe en menselot verhewe is, en bo die natuurkragte — God wat sy lewe in Homself het. Daarom leer Jesus ons bid tot die Vader "wat in die hemele is". (Kyk ook: Zuidema, 1951, p. 46-7).

4. Die vorme en orde van die erediens

4.1 Voorbereiding vir die erediens

Voordat die erediens begin moet die gemeente (in die kerkgebou) versamel. Hierdie proses van versameling val streng gesproke nie binne die studieveld van die Liturgiek nie. Tog raak dit die erediens ten nouste want hiermee is die stemming gemoeid waarmee die erediens benader word.

- Daar is 'n gewoonte om die laaste vyf minute voor die aanvang van die erediens met orrelspel te vul. Die orrelspel kan meehelp om rustigheid te bewerk sodat elkeen kan inkeer in sy verhouding tot God. Maar dan moet die orrelis sy plek ken en nie oorheersend wees nie, en sy musiek moet die gelowiges 'n eie stemming toelaat en nie 'n bepaalde stemming (van die orrelis) op die gelowiges afforsee nie. Die orrel kan hier, in die verkeerde hand, beslis steurend wees.

Stilte behoort voorkeur te ontvang. Daar is in ons oorvol wêreld en besige lewe min genoeg stilte. Dit is 'n fout om krampagtig elke oomblik van stilte rondom en binne die erediens te wil vermy.

STILTE IS DIE GEESTELIKE RUIMTE WAARIN DIE MENS SE GEES DIE SUIWERSTE OP AANBIDDING VOORBEREI. (Kyk ook: J.D. du Toit, 1977, p. 26).

- Die kerkraad vergader vooraf om sake soos afkondigings te reël. Die gewoonte is 'n gerieflike praktyk en nie 'n prinsipiële noodsaak nie.

Nadele: Aan die praktyk is sekere nadele verbonde: Dit neem die ampsdraer in die erediens weg uit die midde van sy gesin. Dit skei die ampsdraers ook té skerp af van die gemeente binne die erediens (van die gemeente!). Die ampsdraers word in 'n mate van geestelike drukte geplaas net voor die erediens sodat die nodige persoonlike geestelike ingestemdheid belemmer kan wees. Sekere tendense is beslis ongewens:

— 'n Neiging om met militêre gelykheid op te tree deur volgens 'n protokol in te stap, almal op aandag te bly staan en dan almal gelyk te sit.

Die ander keuse is nie slordige onordelikheid nie, maar natuurlikheid met beskaafde ordelikheid.

— 'n Neiging by sommige om grappies in die konsistorie te vertel wat rumoerigheid in die hand werk en ook 'n stuitige binnekoms vol lag.

Sobere erns, wat nie norsheid is nie, pas by die geleentheid.

Voordele: Die belangrikste voordeel is dat daar geleentheid is om belangrike sake af te handel wat op die erediens betrekking het.

Dit is 'n geleentheid vir *gesamentlike gebed* deur die dienaars wat hulle onderskeie dienste binne die erediens moet vervul. Hierdie "konsistoriegebed" is nie bedoel om oor allerlei sake te gaan nie, maar bepaald oor die bediening wat in die erediens moet geskied. Daarom is dit voorbidding vir die bediening van die Woord en Sakramente, die diens in gebede, gesang en geloofsbelydenis en christelike barmhartigheid, en die verantwoordelikheid van die toesig. Vanselfsprekend sal alles nie so by naam en daad in die gebed uitgespel word nie want al die sake saam is die erediens. Die gebed kan dus kort en gerig wees.

Kortom: dit gaan om *VOORBIDDING VIR DIE EREDIENS* (nie net die prediking nie!) wat onder toesig van die kerkraad volbring word.

4.2 Die Votum

Die *votum* is die openingsverklaring van die erediens. *Votum* is die Latyn vir gelofte, maar in die burgerlike spraakgebruik het dit die betekenis verkry van "meerderheidsbesluit". Die *votum* is dan die uitspraak waarmee die vergaderde gemeente openlik sê in Wie se Naam hulle vergader en Wie hulle in hulle diens eer.

Die Roomse het van die *votum* 'n wyding gemaak. Volgens Reformatoriese beginsel wy ons nie spesiale sake aan God nie, maar onself met alles wat ons het en is ten alle tye (Ps. 40: 4 — berym; HK. Sondag 12, antw. 32(e)). Die gelowiges wy nie die erediens aan God toe nie maar wy hulleself aan God toe en bevestig dit met die openbare erediens (Rom. 6:13 en 12:1v).

Die *votum* vervul dus die funksie om die erediens volgens sy wese te verklaar en daarmee tot aanvang te bring.

Die *liturgie* moet daarom met die *votum* begin. Die gewoonte in sommige Hervormde Kerke (gemeentes van die Nederlandse Hervormde Kerk) om die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels aan die *votum* te laat voorafgaan is dus teenstrydig met die eie aard van die *votum*.

Die *votum* is ook nie 'n gebed nie maar wel 'n plegtige verklaring. In die gewone vergadering verklaar die voorsitter 'n vergadering geopen, en daarmee word die losse samesyn van mense omvorm tot 'n geordende vergadering saamgebund deur bepaalde reëls. Die verklaring waarmee die vergadering van die gelowiges georden word (Kuyper, 1911 p. 180; Jooste p. 14) is van nog groter gewig want die gelowiges word saamgebund tot 'n eenheid met een begeerte: Ware aanbidding van God. Kuyper (1911, p. 18) stel dit soos volg: "Van het oogenblik van het votum af, moet heel de ver-

gadering gevoel, dat nu het ordinaire neerzitten uit heeft, en dat men nu te doen heeft met een verskynen voor God omdat God voor het zielsbesef verskynen".

Die *votum* word uitgespreek deur die liturg wat daartoe opdrag van die kerkraad ontvang het. Die woorde moet aan die gemeente bekend wees want dit vereis *spontane meedoen van die gemeente* wat die *votum uitspreek deur die liturg*.

Die woorde van die *votum* is nie sinodaal vasgestel nie, maar Ps. 124:8 word byna sonder uitsondering gebruik: "Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het". In hierdie Bybelwoorde is twee elemente vervat wat onontbeerlik is.

— dit is 'n verklaring

— dit openbaar die karakter van die vergadering.

Die gebruik van Ps. 124:8 kom langs 'n eeue-oue tradisie, oor die Straatsburgse liturgie van Calvyn en die Gereformeerde sinode te Dordrecht 1574.

Soms word toevoeginge uit Ps. 146:6(c) en 138:8 gemaak: "... wat trou bly tot in ewigheid en die werke van sy hande nie laat vaar nie". Hoewel wat gesê word waarheid is, het die uitbreiding as formule tog tekortkominge: Dit slaag nie om omvattend te wees nie en maak eerder die indruk van saamgeraaptheid.

Veral in die Hervormde Kerk is daar 'n voorliefde vir 'n uitgebreide trinitariese formule. Naas Ps. 124:8 is histories ook wel bekend: "Ons begin is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees". (Kyk Meulenbelt, 1918, p. 135). Maar baie brei dit uit met Joh. 3:15 plus Heb. 12:2 plus 'n dogmatiese verklaring oor die Heilige Gees en sy werk. Dit is nog veel meer saamgeraap.

Die *votum* is nie 'n preek nie. En ook nie 'n "gebed" (Jonker, p. 143) nie. Dit is 'n gesamentlike welbewuste verklaring van die intree in teenwoordigheid van God, met 'n Skrifwoord as formule wat bondig en omvattend aan die aanvang van die erediens uitdrukking gee.

Die slotwoorde van die pragtige verlossingslied, Ps. 124, is 'n "konklusie" in 'n "geloofsbelydenis" (kyk Delitzsch, 1839, p. 278-9). In die Hebreeus staan die sin sonder werkwoord, 'n Waarheid vir elke tyd (verlede, hede, toekoms) word gekonstateer, en nie 'n belydenis wat slegs vir die besonderse erediens geld nie, hoewel ook daarvoor. Met die formule sê die gemeente: "Ons, verlore sondeurs, wat deur die sonde en Satan byna verslind was, is deur God gered en behou. As verlore en geredde skare kom ons nou hier saam terwyl ons as eerste stemming van ons harte uitspreek dat dit God, en God alleen was wat ons van die dood gered het en wat ons nou, as gereddes, as verlostes onder geklank van sy Woord laat saamkom" (Kuyper, 1911, p. 187 — vertaald —). Kuyper gaan met sy liriese verklaring verder: Metterdaad 'n roerend skone begin vir 'n vergadering van gelowiges. Hy sê Ps. 124:8 druk uit dat hierdie ervaring van God se troue genade in ons redding uit die nood en die dood van ons siele, die grond van die votum is en bly vir hede en toekoms.

Die Drie-Eenheids-formule is, sê Kuyper, 'n belydenis waarmee die gemeente van die HERE hom stel teenoor die wêreld. En die belydenis is mooi vir wie voel en deursien hoe in die belydenis van God se heilige Drievuldigheid die wortel vir die waarheid van alle dinge lê. Tog ag Kuyper dit veel minder ryk as Ps. 124:8 wat spreek van die magtige feit waardeur ons, sondeurs, die gemeente van die HERE geword het.

"Het is als ware de geboortacte der Gemeente van Christus, die aldus in deze formule zich uitspreekt; terwyl de tweede formule, hoe schoon en rijk op zich zelf ook, de Gemeente ondersteld als bestaande, en haar nu laat uitkomen met haar Belydenis van Gods Drieënig bestaan. Alzoo is de laatste formule meer dogmatisch en confessioneel, de eerste historisch, tintelend van leven, en vol rijke herinnering". (Idem. p. 188). Die *Naam* van die HERE verteenwoordig die volle openbaring van God se majesteit en genade soos Hy dit in sy woorde en werke openbaar. "En wel de

openbaring niet genomen as een confessie of afskaduwing, maar als die *reële macht en majesteit* zelve, waardoor en waarin God zich geopenbaard heeft" (ditto).

God se Naam is die waarborg, sê Kuyper verder, vir die gemeente se voortbestaan en sy ingang in die ewige lewe. Daarom: "Ons hulp (is) in die Naam van die HERE". *Ander hulp is daar nie*.

"Wat hemel en aarde gemaak het":

— Hy is nie net God van die kerk nie, maar van alles.

— God bind hemel en aarde saam: die kerk hier met die kerk daarbo, want *hemel* "wys op het ryke geestelike lewe daarboven, onder de volmaakt rechtvaardigen en de vele duisende engelen" (Idem. p. 189).

— God is die Almagtige, magtiger as alle magte wat in sy skepping saamgevat is.

— God die Skepper en God die Verlosser is één. Daarmee word alle dualisme van natuur en genade en alle spiritualisme verwerp.

* Ps. 121:2 kan naas Ps. 124:8 gestel word.

Deur middel van die *votum*, as God dit seën en deur die Heilige Gees daaraan volle werking gee, word die bewussyn van die gelowiges op die heilige teenwoordigheid van God gerig. Deur en in die votum verskyn God voor die geloofsoog van die gemeente. Van hierdie oomblik af is die gewone onderlinge byeen-wees van die gelowiges verhef tot 'n gesamentlike verskyning voor God, omdat God voor die sielsoog verskyn in sy Naam, dit wil sê: sy Selfopenbaring.

4.3 Die Seën

4.3.1 Die Groetseën (benedictie., seënspreuk) of ontvangseën¹

Met die *votum* het die gemeente in sy erediens aan God ingetree. In die "groetseën" ontvang God die gemeente in sy gemeenskaps-oefening deur versekering van sy genade te gee.

Die sentrale woorde waarin die gemeenskap van God aan die gemeente toegesê word is "*genade en vrede*" (Op. 1:4; Rom. 1:7; 1 Kor. 1:3; 2 Kor. 1:2; Gal. 1:3; Fil. 1:2; Kol 1:2; 1 Thess. 1:1; 2 Thess. 1:2; Filem. vs. 3; 1 Pet. 1:2; 2 Pet. 1:2) of "*genade, barmhartigheid en vrede*" (1 Tim. 1:2; 2 Tim. 1:2; Tit. 1:4; 1 Pet. 1:2; 2 Pet. 1:2; 2 Joh. vs. 3) of "*barmhartigheid en vrede en liefde*" (Jud. vs. 2).

Die "groetseën" moet volgens besluit van die Nasionale Sinode (1955) van die GKSA (Handelinge p. 405) geskied met die woorde "wat voorkom in die begin van die briewe van Paulus of in Openbaring 1:4 en 5". Dit beperk die groetseën tot die formule met "genade, barmhartigheid en vrede". Aangesien van die rapport deur die sinode (1955) "met dank en waardering kennis geneem" is moet ons die beperking nie al te afdoende beskou nie, want die besluite i.s. die liturgie geskied "met inagneming van die beginsel van die vryheid in die N(uwe) T(estamentiese) Kerk" (Handelinge 1955, p. 401). Daarom mag saam met Paulus se meer algemene formule "genade en vrede" die woorde "barmhartigheid" en "liefde" ook gebruik word.

"*Genade*" dui die versoening en verlossing aan wat God "verniet" (Op. 22:17), deur Christus vir "sy volk" (Matt. 1:21) bewerk het. Genade staan teen skuld wat verbygaan en uitgewis word.

"*Barmhartigheid*" dui die besondere verhouding aan van trou waarin God Hom aan sy volk verbind en Hom hulle lot aantrek. Dit kom uit die Joodse seënformules en staan teen die breë Ou Testamentiese agtergrond, vgl. o.a. Gen. 43:14; Eks. 20:6 (Deut. 5:10); Deut. 13:17; Neh. 9:19, 27, 28, 31; Ps. 103:4 Barmhartigheid gaan saam met innerlike ontroering en gee hulp (Matt. 5:7; 18:27; Luk. 1:78).

"*Vrede*" het 'n ryke inhoud in die Heilige Skrif, vgl. o.a. Fil. 4:7; Rom. 5:1; Ef. 2:15. In die

¹ Ek verkies om te praat van *aanvangseën*, soos later betoog sal word.

seënformule het ons die omvattende betekenis van die woord "vrede" (Luk. 2:14): Die gemeenskap met God in onvermengde volheid of in volle harmonie.

"*Liefde*". Judas gebruik "liefde" waar die ander formules "genade" gebruik. "Liefde dui in hierdie groetseën op die hartsgesindheid van God wat versoenend en verlossend werk met die gelowiges.

Dit gaan dus in die "seëngroet" oor die *oorsprong* of *bron* van God se weldade *oor ons* en oor die *vrug* of *gevolg* daarvan *in ons*. "De gemeente des nieuwen Verbonds staat, als door God aangenomen, voor zijn aangezicht *in genade*; zij staat vóór hem, verzoend, in vrede; zij is in het bezit van zij gunst, van zijn vriendschap, zijn gemeenschap" (Meulenbelt, 1918, p. 139).

In die Naam van God

Die sinode (Handelinge 1955, p. 406) het besluit: "Die groetseën sal geskied in die naam van die Drie-enige God".

Die besluit vloei voort uit die feit dat Paulus telkens die seëngroet in sy briewe doen met die noem van "God, onse Vader, en die Here Jesus Christus".

Skep die sinodebesluit 'n teenstelling tussen 'n trinitariese en 'n "pauliniese" seëntoesegging?²

Die antwoord op die vraag word beslis deur vas te stel wat Paulus bedoel met "God, onse (die) Vader" in die seëntoesegginge waarmee sy Briewe begin. Indien hy die Persoon van die Vader teenoor die Seun en die Heilige Gees stel sal dit geregtig wees om van 'n "pauliniese seën" te praat teenoor die sinode se "trinitariese" seën. Fyn eksegetiese onderskeidings moet hier gemaak word, en vakmanne van die Nuwe-Testamentiese eksegeese kan met goeie vrug vir die Liturgiek hieraan toegespitste aandag gee.

Ondertussen word die volgende gestel: As die seëntoesegging in die Briewe van Paulus inderdaad bedoel om die Heilige Gees weg te laat dan *son* hierdie seën nie net vir die huidige gemeente in die erediens beteken dat die Heilige Gees se teenwoordigheid en werk verswyg word nie maar dan *het* hierdie seën die Heilige Gees met sy teenwoordigheid en werk vir die gemeentes aan wie Paulus skrywe weggelaat. As so 'n seën in die een geval vir die gemeente van die Here skadelik is, is dit altyd skadelik. As verswyging van die Heilige Gees in die seën oor die teenswoordige gemeente nie mag gebeur nie dan kon die gemeentes aan wie Paulus geskrywe het seën in die Naam van die Heilige Gees *ewemin* ontbeer het.

Daar moet ook op gewys word dat *indien* daar 'n teenstelling tussen die sinode en Paulus is, 'n keuse vir die gesag van die sinodebesluit die gesag van God in die Skrif ernstig aantas. Daarom is dit noodsaaklik om met die lig en kennis tot ons beskikking 'n antwoord te gee.

Dit is noodsaaklik om Paulus se gebruik van "God ons (die) Vader en die Here Jesus Christus" in die seëntoesegginge te verstaan in eenheidsamehang met sy prediking in sy Briewe, want ooreenstemmende uitsprake kom voor.

Die Godsbegrip van Paulus se prediking en die Godsbegrip van sy seënspreuke, so kan sonder betoog aanvaar word, sal eenstemmig wees. Hoewel 'n lang lys van uitsprake in sy prediking genoem kan word sal die volgende beperkte aantal vir die huidige genoeg wees: 1 Kor. 2:1, 2, 10; 8:6; Ef. 4:4-6; 1 Thess. 1:1 en 2 Thess. 1:1. *1 Kor. 2:1, 2, 10.*

"En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God".

² Oor hierdie gewigtige saak was daar 'n diskussie in Die Kerkblad gedurende 1981: 26 Junie, 22 Julie en 9 Augustus.

Met instemming en vertroue word hier die teks en verklaring, soos deur Grosheide (1957, p. 72) gegee, gevolg. Die prediking waarvoor Paulus na Korinte gekom het en waarmee hy volhou is die getuienis wat God gee en God tot inhoud het (marturion tou Theou [μαρτύριον τοῦ θεοῦ], genetief objektief sowel as subjektief). Paulus se prediking is dus die Selfgetuienis van God. Hiermee is die prediking van Christus, en Hom as gekruisigde, nie in teësprak nie, want so 'n skeiding mag tussen God en Christus nie gemaak word nie. Paulus wil duidelik stel dat hy 'n goddelike opdrag het wat oor niks anders spreek as oor God nie, en in die prediking staan Christus die Middelaar (gekruisigde) in die middelpunt. In vs. 10 sit hy verder uiteen dat hierdie prediking alleen deur die werking van die Heilige Gees aanvaar word.

1 Kor. 8:6.

"Daar is vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom".

Paulus verkondig teenoor die veelgodendom van die heidene dat daar "een God" is. Hierdie "een God" is dus die een Goddelike wese, die Drie-enige God. Hy is "die Vader", die Skepper van alles. Dat Hy skepper is stel Hom nie geskei van Jesus nie, want die Middelaar word met die Skepper in eenheid gestel omdat alles "deur" die een Here Jesus Christus is. Die Drie-enige God, Vader en Skepper, word deur Paulus in Goddelike eenheid met die Here Jesus Christus, die Verlossings- en Skeppingsmiddelaar, verkondig, (vgl. Grosheide, 1957, p. 224-5).

Ef. 4:4-6

"Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is".

"Een God en Vader" plaas die eenheid van God as die grond en bron van alle eenheid. Die absolute eenheid van God staan bó alle ander gegewens (vgl. Grosheide, 1960; p. 64). "Vader" beskrywe God as Een wat nie 'n abstrakte idee is nie, maar wat persoonlike liefde en sorg het vir sy skepsele. (Thompson, 1967, p. 62). *1 Thess. 1:1 en 2 Thess. 1:1*

"Aan die gemeente van die Thessalonicense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is".

Calvyn (1890, p. 7) verklaar hierdie woorde beteken dat daar geen gemeente is nie behalwe dié wat in God gefundeer en onder die vaandel van Christus versamel is. Met "in" word die bestaansgrond van die gemeente aangegee. Daarom is die Drie-enige God in sy Vaderlike gemeenskap en Christus in sy Middelaarswerk die gemeenskaplike bron van die toegesegde seën. Calvyn (idem. p. 53[^]) verklaar "God die Vader" as "den eenigen God den Vader".

1 Tim. 2:5.

"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus". Dit verg geen betoog nie — daarom laat ons dit in hierdie konteks na — dat 1 Tim. 1:3; 2:3 en 2:5 ten nouste saamhang. In 2:5 stel Paulus dat die saligheid vir alle mense op dieselfde wyse tot stand kom: Een God en een Middelaar. Die "een God" is die Goddelike Wese of Drie-enige God, die Skepper en Herskepper. En Hy het net een weg van saligheid deur die een Middelaar, die Seun van God wat daarvoor mens geword het. Daar is vir geen volk of stand of mens 'n ander god of 'n ander middelaar nie. (Vgl. Calvyn, 1966, p. 47v; Ridderbos, 1967, p. 74; Bouma, 1942, p. 112).

Uit die aangeduide prediking van Paulus is dit duidelik dat die enige God (vgl. Mark. 12:29; Deut. 6:4) die kern van sy prediking is. En een Middelaar "die Hem van een vreselike en verskrikkelike (God) voor ons maakt tot een genadige en welwillende Vader. Dit alleen is het sleutel, door welke ons de deur van het hemels Koninkrijk ontsloten wordt, zodat wij met vertrouwen verschijnen voor het aangezicht Gods" (Calvyn, 1966, p. 50). Hierdie prediking definieer Paulus in 2 Kor.

5:17-19. *Een God en een Middelaar* is die deurlopende grondtema van Paulus se prediking. Die een God is die Drie-eenheid. En Hy is die Vader van sy gelowige kinders. *"Zodanig is de vadersnaam bij Paulus, met betrekking tot God. In het geloof is God de enige Vader van allen omdat Hij allen door Zijn Woord en de kracht van Zijn Geest herboren doet worden; omdat Hij alleen het is, die het geloof aanbrengt"* (Calvyn, idem. p. 20).

Jooste (1957, p. 18) stel dus met goeie reg dat Paulus "God, onse Vader gebruik om die drie-enige God aan te dui — soos onse Here Jesus Christus dit ook gebruik in die gebed, die 'Onse Vader' ". (Vgl. Greijdanus, 1938, p. 21). Calvyn (1888, p. 29) bring 'n interessante punt na vore in sy verklaring van Rom. 1:7: Die seën is die "somma", d.i. die omvattende volheid van "alle heil" of "alles goeds" wat van "God" kom. Hiermee stem Ridderbos (1967, p. 43) saam: Die heil van die Here word ongedifferensieerd toegesê. En dit kom alles van God wat in Christus sy Vaderlike goedheid aan sy kinders skenk.

Die allesomvattende seën wat ter sprake is kan net die Drie-enige Goddelike Wese skenk.

Waarom noem Paulus dan die Here Jesus Christus naas God?

Die Here Jesus Christus word saam met God ons (die) Vader genoem in die seëntoesegginge omdat Jesus die Middelaar is tussen God en die geseëndes. Dit gaan om sy Middelaarskap en nie om sy Godheid as tweede Persoon in die Drie-eenheid nie. In 2 Joh. :3 word Hy wel genoem "sy Seun, Jesus Christus". Johannes voer stryd teen die dwaalleer wat die Godheid van Jesus as "die Seun van God" ontken (vs. 7-10; vgl. 1 Joh. 2:22, 23 en 4:2, 3). Johannes beklemtoon dus in sy seëntoesegging die Godheid, en daarmee die waaragtigheid, van Jesus as Middelaar. Johannes se doel is nie om die Heilige Gees uit die toesegging van die seën uit te sluit nie. (Vgl. Schnakenburg, 1970, p. 309; de Jonge, 1968, p. 244; Greijdanus, 1934, p. 144).

God en die Middelaar word onderskei maar nie geskei nie, want God handel in die Middelaar, terwyl die Middelaar Self God en Saligmaker is. Helberg (Die Kerkblad, 19 Aug. 1981) het in duidelike woorde verklaar: Met die nuwe bedeling na die koms van Christus en die Heilige Gees kom daar wel 'n skerper onderskeiding van die Drie Persone, maar nie 'n skeiding nie. Vader, Seun en Heilige Gees is tog een en tree nie los of geskeie op nie, maar as Een.

Die teenstelling wat geskep is tussen "trinitariese seën" en "pauliniese seën" is gevaarlik en berus op 'n valse probleemstelling. Om by Paulus (of Johannes) 'n skeiding tussen "God ons (die) Vader" en die Heilige Gees in te lees kom neer op 'n dogmatiese amputasie van die Goddelike Wese en dring die gevaar na vore om van die Drie-eenheid 'n drie-godedom te maak.

Wanneer God die Vader sy gemeente seën deur die Middelaar is God die Heilige Gees teenwoordig en aktief in die eenheid van die Goddelike Wese. Die seën in Paulus se Briewe is trinitaries in die volste sin van die woord, en nie dutaries (tweevoudig) slegs deur die Persoon van die Vader en die Persoon van die Seun, sonder die Persoon van die Heilige Gees nie.

Die seën kom van God wat die Vader is van die gelowiges deur Jesus Christus wat hulle tot eiendom van God verwerf het. Die inisiatief is by die Vader, die oorsprong van die seën, deur sy verkiesing en die gawe van sy Seun. Christus, die Here, deel die seën uit. Tog is daar in die seënende werk van God die Vader en die Here Jesus geen skeiding nie; die bron is één, soos die apostel baie duidelik laat uitkom deur die feit dat die voorsetsel *apo* [ἀπό] nie herhaal word nie (Bouma, 1942, p. 69-70).

Die Drie-enige God, die oorsprong van die seën, word duidelik aangedui in Op. 1:4, 5. God word aangedui as die Ewige en Lewende wat sy bestaan in Homself het. Hy het geen ontstaan, aanvang of wording nie. En in sy bestaan, wese en deugde is daar geen ontwikkeling of sweem van verandering nie. Hy is: EK IS WAT EK IS (*Eks. 3:14*) (Kyk Greijdanus 1925, p. 14). Die seën kom tegelykertyd ook van "die sewe Geeste". "Sewe" wys hier op die volheid van die Heilige Gees. En eweso kom die seën tegelykertyd van "Jesus Christus", die Seun van God en die Middelaar. Op. 1:4,

5 gee dus die tipiese Nuwe- Testamentiese ontmoetingseën duidelik as komende van die Drie-enige God. Dit is baie ryk aan openbaringsinhoud en groots in majesteitvolle benaming van God. Lohmeyer (1953, p. 9) dui die grootsheid van hierdie seën aan as "Monumentalität". Liturgies lewer die oorfloed en uitgebreidheid die probleem dat hierdie seënformule minder eenvoudig is en daarom nie die gemeente ewe duidelik en ongekompliseerd aanspreek as die formules van Paulus, Petrus of Judas nie. Indien 'n gemeente deur prediking, en andersins, ingelig is, is Op. 1:4, 5 'n heerlike gemeenskapstoeseëing van die Drie-enige God in die rykdom van sy Majesteit.

Die karakter van die aanvangseën

Dit is reeds duidelik wat die *karakter* van die aanvangseën is: nie 'n wens van 'n Bybelskrywer (of van die liturg) nie, maar 'n toeseëing deur God by monde van die skrywer (liturg).

"De genade en het daaruit voortvloeiende heil komen van God; apo [ἀπό] heeft, anders dan para [παρά] (vgl. 2 Petr. 1:17) een plaatselijk element en legt nadruk op onze menselyke afhankelijkheid: het moet alles 'van boven' komen" (Matter, 1965, p. 114).

Hendriksen (1976, p. 43) gee aan die hele vraagstuk, of hierdie groetseën 'n wens, 'n uitroep of 'n verklaring is, noukeurige aandag en kom tot die konklusie: Paulus gebruik nooit 'n werkwoord nie: Johannes gebruik die toekomsindikatief en Petrus die optatief. 'n Noukeurige vergelyking toon dat die werkwoord, wat Petrus en Judas gebruik, deur Paulus veronderstel word: 'n *effektiewe* optatief, d.w.s. 'n toeseëing. (Kyk ook Greijdanus, 1925, p. 13 en Schnackenburg, 1970, p. 308).

W. Heyns (1903, p. 150) en A. Kuyper (1911, p. 196) het die groetseën so verstaan: Dit is die Drie-enige God wat sy genade en vrede op die gemeente lê. Dit is dus toeseëing van 'n seën in die seën waarmee God sy volk in sy gemeenskap neem; die wesenlike lê in die seën en nie in die groet nie. Hendriksen sê van hierdie bekende Gereformeerde standpunt: "It has grammar on its side" (1976, p. 44). In 'n voetnoot (34) verklaar hy — vertaald —: Om die optatief in die Bybel as 'n blote wens te verklaar is oppervlakkig en gans en al te 'n beperkte begrip van die optatief in bepaalde Bybelse kontekste. Voorbeeld: Mark. 11:14 — "nie eet nie" staan in die optatief, maar die "wens" was effektief! Die uitspraak van Jesus in wensvorm was 'n effektiewe vervloeking (Mark. 11:20).

Die 1979 Afrikaanse vertaling vertaal Mark. 11:14 nie as 'n wens nie maar as 'n uitspraak, 'n vonnis. Die aanvangsseëninge word ook as toeseëing vertaal, sonder die wensaangewende "mag".

Hendriksen (ditto) verduidelik met 'n nog sterker argument: Die priesterlike seën (Num. 6:24-26) is ook in die optatiewe vorm (vgl. LXX). Strack-Billerbeck (1922 p. 75-6) verklaar dat die priesterseën, volgens Mischna in later tyd in die môre diens aan die begin uitgespreek is, "nicht erst nach der opfering des Tamidlammers, sondern bereits vorher, also nach der Darbringung des Ränc-heropfers gesprochen worde", 'n *Amptelike* seënwens (-groet) in die optatiewe vorm is dus 'n *effektiewe seëntoeseëing*. As apostoliese groet is dit nie slegs 'n seënwens nie maar 'n toeseëing van Godswê (Ridderbos, 1967, p. 143). Daarby moet in gedagte gehou word dat Grosheide (idem p. 38) sê: Paulus neem wel die Griekse briefopskrifte in die vorm van 'n groet oor, maar hy verander die kort en koue Griekse groet tot *twee sinne* met 'n voluit Christelike inhoud. Hy doen dit ook so dat dit nie hy, Paulus, is wat groet nie, maar hy sê die genade van God aan hulle toe. Die gebruik van apo [ἀπό] beklemtoon dit: Dit seën kom van bó! Hellmuth Frey (1953, p. 14) noem die seën in Op. 1:4, 5 'n berig ("die Meldung") wat Johannes oorbring. En Greijdanus (1925, p. 13) dat die seën metterdaad gegee word ofskoon dit slegs in geloof ontvang kan word.

DAAROM KAN DIE SEËN NIE AS 'N GROET VAN DIE LITURG UITGESPREEK WORD IN DIE VORM VAN 'N WENS NIE. HY DURF DIT NIE AS SY GROET MET TOEWENSING VAN VREDE EN GENADE DOEN NIE WANT *HY IS NIE* AAN DIE WOORD NIE, MAAR GOD SELF. EN GOD GROET NIE, MAAR SÊ SY SEËN TOE OM DIE GEMEENSAP MET HOM TE BEWERK EN TE BEVESTIG.

H. Jonker (1976, p. 144) meen dat die groetseën afgelei word van die Joodse groet soos die van

Boas aan die oesters in die boek Rut. So gesien (en verder afgelei van die Roomse tradisie met die formule: *Dominus vobiscum*) (Die Here is met u), waarop die gemeente antwoord: *Et cum spiritu tuo* (en met u gees)) is Jonker se konklusie begrypbaar: "De groet is geen zegen" (ditto). Maar hiermee staan hy (vgl. ook Kret, 1955, p. 244v) nie meer in die reformatoriese en Gereformeerde tradisie nie, soos bevestig in die besluit van die sinode GKSA 1955. Die *oorbeklemtoning van die "groet" teenoor die seën* stam uit die tradisie van die Nederlandse Hervormde Kerk. A.J. Kret verklaar: "wij groeten elkaar in des Heeren woning in des Heeren Naam" (1955, p. 244). En H. Jonker (ditto, p. 144) verklaar dit as 'n "misverstand" om "deze groet als een zegen" te beskou. *Al die klem word geplaas op die verhouding van die liturg en die gemeente, sonder die perspektief wat die Nuwe Testament open op die seënende God van Bó (apo [ἀπό])*. Vanuit sy uitgangspunt is Jonker se stelling volkome duidelik, hoewel nie aanvaarbaar in die lig van die aanvangseën in die Briewe van die Nuwe Testament nie: "Nu groet de dienaar de gemeente en hy ziet de gemeente aan en de gemeente ziet hem aan" (ditto, p. 144-5).

Om van die aanvangsseën 'n blote "groet" tussen prediker en gemeente te maak is in stryd met die wese van die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente. Daarom staan die verklaring van Kuyper (idem, p. 189 v.v) steeds vas wat die "groetseën" stel as God se antwoord op die *votum*: "Begint de Gemeente met te betuigen, dat haar hulpe staat in den Naam des Heeren, die haar uit nood en dood ten eeuwigten leven verlost heeft, God de Heere van zijn zijde beantwoordt dit met zijn volk de verzekering te geven van zijn genade en zijn vrede" (Kuyper, idem, p. 189).

Die "groet"-gedagte moet nie op die voorgrond geplaas word nie, omdat God nie 'n mens bloot "groet" nie, maar hom of in genade aansien of ter oordeel ontmoet (Gen. 3:8-10; Amos 4:12).

Die "groet"-element is ook nie die onderskeiding tussen die eerste en tweede seën in die erediens nie. Jonker stel hierdie onderskeid gans te skerp, met die stelling dat die eerste 'n groet en die tweede 'n seën is (ditto, p. 144). Die tweede seën of slotseën is, soos aangedui deur die sinode van die GKSA, 1955: 2 Kor. 13:13 of Num. 6:24-36. Paulus se briewe sluit konsekwent in 'n *groetgedeelte* met 'n seën soortgelyk aan 2 Kor. 13:13; Rom. 16:23, 24; 1 Kor. 16:21-24; Fil. 4:22, 23; Kol. 4:18; 1 Thess. 5:26, 28; 2 Thess. 3:17, 18; 2 Tim. 4:19-22; Filem. 22-25. Daar kan dus hoogstens van 'n *ontmoetingsgroetseën* en 'n *afscheidsgroetseën* sprake wees. Té veel klem op die groet-element wek die skyn dat daar tussen afskeid en herontmoeting geen gemeenskap en aktiewe seën is nie. "Groet" kan dus hoogstens verwys na die *begin* en *einde* van die geseënde *ontmoeting in die erediens*. Daarom pas die benaming "aanvangsseën" beter saam met "slotseën".

Kuyper — vertaald — (ditto, p. 191) maak ook 'n te skerp onderskeid tussen die eerste en die slotseën. Die eerste is vir "die gemeente as sodanig" en elkeen het daaraan alleen deel "as hy in feite tot die gemeente van die lewende God behoort". Die tweede seën is dan volgens Kuyper, "persoonlik, d.i. hoof vir hoof". Paulus maak egter geen konsekwente onderskeid van gemeente en individue in sy aanvangs- en slotseëninge nie, en gevolglik is die variasie deur Kuyper oorspan. In *albei* gevalle het *alleen die ware gelowige deel* aan die seën, hoewel die gemeente aangespreek word. Die liturg spreek tot die gemeente *as vergadering van gelowiges* sonder om self tussen die persone te keur. "De Dienaar zift niet" sê Kuyper self (ditto).

Daar is egter tog wel 'n onderskeid tussen die eerste en tweede seën: Die eerste word die gemeente opgelê *in vergadering IN die erediens*. Die tweede word die gemeente opgelê vir die *daaglikse lewensgang NA die erediens*.

Die seën is geen toorformule nie. Dit eis geloof. En elke hoorder moet verantwoording doen oor hoe hy/sy die seën ontvang. Want die *Here* deel aan die gemeente sy versekering deur die liturg mee.

In die erediens moet die gelowige bewustelik hom/haar stel voor die Aangesig van die Drie-enige God. Elkeen moet weet en belewe dat God onmiddellik teenwoordig is en elkeen moet die oë van God op hom/haar voel. In sy Woord moet sy stem gehoor word.

Die seëngebaar

Uitgaande van die stelling dat die "seëngroet" slegs 'n groet is en geen seën nie, stel H. Jonker heeltemal konsekwent dat die gebaar van die liturg ook geen seëngebaar moet wees nie: "Eventueel kan de Dienaar daarbij als een sober gebaar zijn rechterhand opheffen. Maar de bovenarm blijft bij het lichaam, zodat wij geen gestrekte arm krijgen. Anders worden er associaties opgeroepen met de Hitlergroet" (ditto, p. 145). Inderdaad, die gestrekte regter arm is slegs as "Hitlergroet" bekend. In ons land is hierdie gebaar nie 'n bekende of erkende groetgebaar nie. Dit word uitsluitlik op sommige preekstoele gesien en wek derhalwe die indruk van 'n onvoltooide seëngebaar. By die uitspraak van die seën van die Here pas die gebaar van *handoplegging* wat Hy vir die seën vasstel met *albei* hande. Dit is volgens die voorbeeld in die Bybel: Lev. 9:22; Num. 6:27 en Luk. 24:50. Aäron en Jesus spreek die seën uit met *albei "hande"* opgehef oor die geseënde in 'n gebaar van handoplegging *want die Naam van die HERE moet op die gemeente gelê* word (Num. 6:27). Die gebaar moet dus een wees van *toesegging* en nie van groet of gebed nie, steeds met die bewussyn: Dit is God Self wat effektief seën (Kyk Gispén. 1939, p. 120 i.s. Num. 6:27).

Kerk en (Interkerklike) Gemeenskappe (Fellowship). Die verskynsel van konventikels of "geselskapsvriende" (Kuyper, ditto, p. 195) in die gelowiges se onderlinge gemeenskapsbeoefening is baie oud. Dit kan 'n positiewe beoefening van geloofsgemeenskap wees, maar dit leen hom ook maklik tot wanpraktyke wanneer hierdie vorm van gemeenskap (koinonia) *teenoor* die kerk gestel word of selfs as *aanvullende korrektyf naas* die kerk. Dit het alleen bestaansreg en 'n blywende positiewe betekenis wanneer dit *voortsetting en voorbereiding is vir die erediens*. 'n Instelling wat bestaan in die uitruil van geestelike ervarings is nie net eensydig nie maar ook kerkvervreemdend want die geloofsgemeenskap binne die geselskappe is sogenaamd "interkerklik", wat niks anders is as konfessionele vryblywendheid nie. Daarmee word die werk van die Heilige Gees in die gang van die geskiedenis geïgnoreer en die Bybel benader asof dit vir die eerste keer gelees word.

Kuyper het reeds op die betekenis van die seëngroet in hierdie verband gewys (ditto, p. 194-7). Die saak wat in gedrang kom is dat erediens nie net 'n aksie van die gelowiges is nie maar eerstens 'n aksie van God, waarin sy teenwoordigheid geopenbaar word.

Wie die geselskapsbyeenkomste bó, kompetierend met of in die plek van die erediens plaas, beweeg op die weg van die Anabaptiste wat die amptelike, d.w.s. die uitvoering van die opdrag van God, minag. Om die amptelike minder te ag is slegs 'n voorportaal na minag en verwerp van die kerk.

Voorbeelde van die geselskappe is: Die Darbiste of Plymouth-bretheren, die Oxford-movement, die University Christian Movement.

Juis gebrek aan besef van die betekenis van die aanvangsseën as 'n *effektiewe* seën van God vir sy gemeente neig die erediens in die rigting van 'n "vroom geselskap tot onderlinge stigting" (Kuyper, ditto, p. 196).

Die benedictie stempel die erediens as 'n ontmoeting deur die lewende God Self in die versekering van sy genade.

Kuyper verduidelik met 'n sprekende voorbeeld — vertaald —: "As vader en moeder oorlede is kan die agtergeblewe kinders goedsikks op 'n dag saamkom om saam die briewe of die testamentêre vermaninge wat deur die ouers agtergelaat is te herlees. Maar dan is dit die kinders self wat dit onderling doen; wat afspraak om dit so te doen; om so die geestelike nalatenskap van hul ouers in ere te hou. Maar dan *leef* vader en *leef* moeder nie meer nie. Dan gedenk die kinders dat hulle oorlede is. En dan is dit nie uit en in die *hede* maar uit die *verlede* dat die afgestorwe ouers nogmaals, danksy die kinders se trou en gehegtheid, hulle woorde laat hoor.

In hierdie sin kan ons ook met die Heilige Skrif omgaan. Ons kan saam by die Skrif sit. Saam 'n stuk uit die Skrif lees. Saam oor die gelese gedeelte mediteer. Selfs kan dit daarby reël word dat een van die broeders of susters, wat 'n gawe van helder insig of taal besit, voorgaan.

So gebeur dit telkens in die kring van die vromes, en op sigself is dit uitnemend. Maar desondanks bly dit *onderling*.

Dit is iets wat ons onder mekaar afhandel. Saam plaas ons ons daarby *beskouendernyse* voor en teenoor die Heilige Skrif. Ons neem die Skrif op en ons handel daarmee.

Maar dit is nie die presensie van die Here ervaar en deur Homself met Goddelike gesag vermaan, geordineer en toegesprek word nie (Kuyper ditto, p. 194-5).

*Daarom is dit van bepalende belang om die seëngroet reg te verstaan en te ervaar as 'n **effektiewe** seën van die lewende God waarmee Hy sy **ontmoeting** met die gemeente moontlik en daadwerklik maak in genade, barmhartigheid, vrede en liefde.*

4.3.2 Die Slotseën

Volgens die besluit van die sinode GKSA 1955 word in die slotseën die woorde *van* 2 Kor. 13:13 gebruik of die priesterlike seën, Num. 6:24-26.

Daarmee word die gemeente vir die uitvoering van die gelowige se roeping die volle lewe ingestuur na die gemeenskap met God in genade en vrede binne die erediens.

2 Kor. 13:13 is die breedvoerigste van Paulus se seënspreuke aan die einde van sy briewe, en daarom algemeen in die liturgie van die Christelike kerk opgeneem: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen". (1979 Vertaling: "sal met julle almal wees")

"*Genade*" dui op al die vrye weldade van God in Christus. Uit die drie Name van die Middelaar spreek die volheid van sy werk wat Hy amptelik volbring het en voluit wil skenk. Omdat Hy die Middelaar is word Hy eerste genoem. (Kyk Grosheide, 1939, p. 487). Die oog van die gemeente moet in die omgang met God gevestig wees op die "Leidsman" (Heb. 12:2) wat sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh. 14:6).

"*Liefde*" word verbind aan God want sy liefde is die bron van die saligmakende werk van Christus. God het uit liefde sy eie Seun gegee tot Saligmaker van sondears (Joh. 3:16; Rom. 5:8 en 8:32). Hierdie gawe het tot vrug dat Christus die liefde *vervul* het (1 Joh. 4:7-21).

"*Gemeenskap*" word verbind aan die Heilige Gees, omdat die gelowiges saam deel het aan die Heilige Gees wat die gemeenskap van die heiliges onderling bewerk deurdat Hy in die gemeente woon (1 Kor. 3:16).

Die seën is die daad van die Drie-enige God. En Hy sluit elkeen ("met julle almal") daaronder in, ondanks die skerp vermaninge in die brief. Dit is die gawe van die genade aan elkeen wat glo. Geloof in God en sy genade, liefde en gemeenskap (Hand. 13:48) is 'n gawe wat nie elkeen ontvang nie.

Num. 6:22-27

Dr. A. Noordtzyj het 'n pragtige verklaring (1941, p. 83-6) van hierdie gedeelte, wat eers met die Reformasie deel geword het van die Christelike erediens, gegee.

Seën is die krag waaruit die volle lewe ontplooi en opbloeï, en wat tot 'n rykdom van lewensdade in staat stel. "Seën is die vertaling van die Hebreeuse woord *bêrék* [בָּרַךְ] wat beteken om *baraká* [בִּרְכָה] (kragte) in te dra.

Alleen die HERE het wesenlik die vermoë tot seën omdat alleenlik Hy *Die Lewende* is en in die volheid van sy Wese die onuitputlike bron besit van lewenskragte.

Die opdrag wat die HERE aan sy dienaars gegee het om te seën is nie magies nie. Die werk van die dienaars is ook in die Ou Testament, soos in die Nuwe Testament, *bedienend* (diakonia). Die priester berig slegs wat God Self doen.

Die priesterlike seën het in Hebreeus 'n pragtige vorm van skoonheid. Die formule bestaan uit drie reëls. Driemaal word die Naam HERE (*Jahwe*) gebruik. Elke reël bestaan weer uit twee dele. Die eerste deel is in elk van die drie reëls groter as die tweede. Die drie reëls is so gebou dat die tweede langer is as die eerste en die derde langer as die tweede. Die eerste reël bestaan uit 15, die tweede uit 20 en die derde uit 25 konsonanttekens. Die drie spreuke bestaan agtereenvolgens uit 2+1, 3+2 en 4+3 woorde *Die seën groei aan soos 'n aanswellende stroom wat oor die gemeente uitstort, met die hoogtepunt in die woord "vrede"*.

Word uit die 15 woorde van die hele seën die Naam van die HERE afgetrek, bly 12 woorde oor ooreenstemmend met die twaalf stamme van Israel. Die "U" aan wie die seën toegesê word is dus *die volk* Israel en nie die individuele Israeliet nie. (Noordtzijs, en nie Gispens, 1959, p. 117, nie, moet hier gevolg word, vgl. Deut. 28:11, 12).

In die lig van die Nuwe Testament kan ons in die driemaal herhaalde Naam van die HERE wel 'n aanduiding van die Drie-enigheid herken, maar 'n Israeliet van daardie tyd sou daarin slegs die *volheid* van God se seën gehoor het.

Die eerste seënspreuk: Die HERE seën jou en behoed jou.

"*Die HERE seën jou*" wil sê: Die HERE vervul jou met krag. In die seën of krag (beraka) word vermoë gegee wat Israel nodig het om as die volk van die HERE te lewe deurdat Hy aan hulle voorspoed en kinderrykdom skenk. Kyk Deut. 28:2-14.

"*Behou jou*", d.w.s. beskerm, bewaar teen alles wat die lewens-volheid, wat in die seën opgesluit is, sou kon bedreig. Kyk Ps. 121.

Die tweede seënspreuk: Die HERE laat sy aangesig oor jou skyn en is jou genadig.

"*Aangesig laat skyn*" beteken vriendelik, met welgevalle aankyk. Dit is die teenoorgestelde van "aangesig verberg" (Jes. 57:17) en "met die nek aankyk" (Jer. 18:17), d.w.s. in toorn. (Kyk Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5, par. 13).

"*Genadig wees*" dui op skuld by die ontvanger en liefde en ontferming by die Gewer, d.w.s. neerbuigende, onverpligte goedheid.

Die derde seënspreuk: Die HERE verhef sy aangesig oor jou en gee aan jou vrede.

"*Aangesig verhef*" beteken om 'n oog op iemand te hê in die positiewe sin van liefhê; om te gee in liefde uit die rykdom van jou wese (Ps. 33:18; 34:16); Hy maak jou tot oogmerk van sy liefde (Gispens, 1959, p. 120)

"*Vrede gee*". *Beskikking* van die vrede word hier sterk aangedui (*sjim* [שִׁים] — Qal). Die HERE stel sy kerk in vrede.

"Vrede" het nie die negatiewe sin wat dit meestal vir ons inhou nie: nie-in-'n-staat-van-oorlog-wees-nie. Die Bybelse begrip vrede (*sjaloom* [שָׁלוֹם]) dui 'n toestand van volkome geluk aan waarin daar geen geestelike of stoflike gebrek is nie. Dit is 'n staat van volkome harmonie en geluk, vrye lewensblydskap (Jes. 55:12). Vrede staan teenoor kwaad (Jes. 45:7; Jer. 29:11; 1 Kor. 14:33).

"Vrede" bestaan daarin dat God aan ons sy liefde skenk en dat ons weet ons word deur Hom liefgehê. Dit is vrede, na alle kante en sonder enige grense, wat daaruit voortkom dat God ons as sy eiendom erken sodat ons ons syne mag noem (Gispens, 1959, p. 120).

Die wyse waarop die seën gegee word

In Num. 6:27 beveel die HERE:

"So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle seën".

Hierby moet ons daarop let:

- Uitspreek van die seën was die opdrag van die HERE aan die priesters. Dit is dus ampswerk.
- Die HERE laat sy Naam op die volk lê deur die priesters, *maar Hy alleen seën* — soos die stroom deur die bedding wat dit vir homself grawe (Noordtzi, idem, p. 86).
- Die lê van die Naam op iemand kan nie meer wees as die uitspreek daarvan nie. Maar deur hierdie oplê word die Persoon wie se Naam genoem word en dié oor wie dit uitgespreek word ten nouste met mekaar verbind. Die volk word tot eiendom van die Here geproklameer. Die seën is dus 'n bevestiging van die genadeverbond in sy volste rykdom.
- Die priesterseën rus op die fondament van *God se belofte*: "En Ek sal hulle seën", en die priesterseën self is 'n *effektiewe* seën, en daarom is die vertaling in die formuliergedeelte van die berymde Psalms (Die Psalms p. 163), as 'n toesegging en nie 'n wens nie, korrek.

Die oproep van die gemeente

Van oudsher word die gemeente vir die slotseën opgeroep met die woorde: "Verhef u harte tot God en ontvang die seën van die Here". So vind ons dit ook onder die formuliere in Die Psalms (p. 163). Sonder hierdie oproep word die indruk maklik gewek dat die seën slegs 'n slotwoord is om die diens af te sluit.

Dit is ernstig te betwyfel of die woorde "verhef u hart tot God" nog deur die mense van vandag begryp word. Die oproep kan verstaanbaarder en dus meer effektief gedoen word deur te sê: Kom ons stel ons in ons harte voor die oë (aangesig) van God en ontvang sy seën.

4.4 Gemeentesang

Die boek Psalms in die Bybel is die bewys dat in die Ou Testament graag gesing is. Die singwyse was ritmiese-sprekingsang. In die erediens is dikwels 'n singende wisselgesprek tussen voorganger en volk gevoer, of tussen twee kore, vgl. Ps. 118:29; Jer. 33:11; Esra 3:11.

Na die verwoesting van die tempel en gedurende die ballingskap het die Jood die lus om te sing byna geheel en al verloor (Ps. 137). Gevolglik is in die sinagoge weinig gesing (Strack-Billerbeck, IV, 1922, p. 394).

Sang het egter in die Grieks-Romeinse wêreld 'n prominente plek gehad en is met musiekinstrumente begelei. Dit word 'n brug om die Christelike kerk terug te voer na die Psalms met musiek (Ps. 92:4; 150:3-5).

In die Christelike kerk het die lied en sang met musiek weer 'n belangrike plek ingeneem. Veral vier uitsprake in die Nuwe Testament is vir ons van belang: 1 Kor. 14:26; Ef. 5:19; Kol. 3:16; Jak. 5:13.

In *1 Kor. 14:26* stel Paulus die gawe (charisma) om 'n psalm "te hê" (*echein* [ἔχειν]). Om die gawe *te besit* is die resultaat van die werking van die Heilige Gees (1 Kor. 12:13, 28-30), en dui nie 'n plotselinge en uitsonderlike ontvangs aan nie, maar 'n *voortdurende besit*. Daarom mag ons nie dink aan die plotselinge te binne skiet van 'n psalm, 'n leerstelling ens. nie, maar aan die voortdurende in besit wees van 'n charisma (Grosheide, 1957, p. 372). Dit gaan oor die besit van 'n gawe om iets te kan doen. So noem Paulus sy vermoë om ongetroud te bly, ter wille van die Evangelie, 'n charisma. Die gawe kan wel plotseling begin (Hand. 13:2) maar is daarna voortdurende besit onder beheer van die mens se wil (1 Kor. 14:12, 19, 23, 27-33). Paulus spreek in hierdie gedeelte oor die gemeentesamekoms — *en daar moet dit beheersd, ordelik en tot stigting toegaan*. Daarom moet psalms gesing word in taal wat vir almal verstaanbaar is (1 Kor. 14:15). Dit is ook belangrik om daarop te let dat Paulus nie sê: wanneer julle saamkom *en* iemand 'n psalm het nie. Maar hy sê: Wanneer julle saamkom *het* (indic, preas,) elkeen 'n psalm of 'n ander gawe. Dit gaan om 'n feit: Elkeen het 'n eie gawe, sonder om te sê dat almal één besondere gawe het.

Wat die gemeentesang betref beteken dit eenvoudig: Die Heilige Gees gee aan bepaalde gelowiges die gawe om psalms te dig sodat die gemeente dit kan gebruik. So het die Here sy gawe aan Totius

(Prof. dr. J.D. du Toit) gegee tot stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

In *Ef. 5:19* praat Paulus oor psalmsang teen die agtergrond van vervul wees met die Heilige Gees (vs. 18). Psalmsang is 'n uiting van Geesvervuldheid en staan teenoor die luidrugtigheid van dronkenskap. Dit is opmerklik dat Geesvervuldheid aangetoon word in gewone geloofswerksaamhede soos dit in die gemeentesamekoms en ook in die huislike kring voorkom en tot onderlinge stigting dien.

"Spreek onder mekaar" veronderstel 'n vorm van erediens. Daar word op verskillende maniere gesing: psalms en lofsange en geestelike liedere (*psalmois kai humnois kai odais pneumatikais* [ψαλμοὶς καὶ ὕμνοις καὶ ᾠδαῖς πνευματικαῖς]). Hoofsaak is dat dit vrug van die Gees moet wees, want tussen psalms, lofsange en liedere is moeilik te onderskei (Calvyn, 1890, p. 83; Grosheide, 1960, p. 84). Paulus vat die algemene singwyses hier saam en stel vir die gelowiges die eis: julle gesang moet onder mekaar in julle eredienste voortkom as vrug van die Gees.

Kol. 3:16. Die gemeente word opgeroep om aan die woord, wat van Christus uitgaan en wat Hom tot inhoud het, ruim plek te gee in die middelpunt van hulle belangstelling terwyl hulle onder heerskappy van die Woord staan. Die wyse waarop dit moet geskied is deur onderlinge (Calvyn, 1890, p. 218) vermaning en onderrig. Die vermaning en onderrig geskied deur "psalms, lofsange en geestelike liedere".

Die gemeente is self mondig en dus nie bloot op die diens van die amptelike voorgangers aangewys nie. Die gemeente is nie slegs objek maar ook subjek van die Woordbediening. Daarvoor het hulle "alle wysheid" nodig (Kyk: Ridderbos, 1960, p. 220).

"Psalms, lofsange en geestelike liedere" is die uiting van die ervaring van dankbaarheid vir die saligheid wat in Christus ontvang is. "Het woord van Christus moet deze heilige vrolijkheid onder hen te weeg brengen, die de klank en melodie van het lied niet kan missen om zich uit te spreken" (idem). Die danklied vir die "woord van Christus", tipies van die liriek in die Heilige Skrif, is die persoonlike diepgevoelde hartlike ("in julle harte") *subjektiewe belewenis* deur die gelowige van die *objektiewe* openbaring; terwyl belewenis en openbaring die werk van Heilige Gees ("geestelik") is. "Geestelik" verwys na die *karakter* en die inhoud van die liedere wat uit die Gees van God is. Die religieuse uiting van die gemeente in sang en lied ag Paulus Godverheerlikend deurdat die lied die *ryke teenwoordigheid* van die woord van Christus *in hulle* openbaar (vgl. Ridderbos, idem, p. 221).

Jak. 5:13. Jakobus verbind *opgeruimdheid* en psalmsang. Dit wil nie sê dat alle psalmsang lofsange is, of moet wees nie, maar dat opgeruimdheid of bemoedigdheid uit die gemoed van 'n gelowige die beste na buite uitgedruk word in psalmsang. "Psalmsing" word hier gebruik in die sin van lofprijsing van God.

Die Heilige Skrif leer ons dus nie dat *uitsluitlik* Psalms gesing moet word nie. Dit was ook nooit Gereformeerde standpunt nie. Ds. D. Postma het by herhaling (Jooste, 1958, p. 53) die korrekte standpunt gestel: Gesange wat met vrede gesing word en regsinnig is word nie veroordeel nie. Maar gesange waarvan die teks in die Bybel gevind word is seker *op die veiligste weg*. Calvyn verantwoord hom in sy voorrede by "La Forme de Priers et de Chantz Ecclesiastiques" (1545) soos volg: Augustinus het tereg gesê dat niemand iets kan sing wat God waardig is as hy dit nie van God ontvang het nie. Daarom sal ons, nadat ons oral gesoek en nagespeur het, geen beter liedere vind wat meer geskik is as die Psalms van Dawid wat die Heilige Gees geïnspireer het nie. Alleen wanneer ons hulle sing is ons seker dat God die woorde in ons mond lê, asof Hy Self in ons sing, om sy eie glorie te verhoog. Gevoelig is ook die getuigenis in die Heraut, aangehaal deur Heyns (1903, p. 129): By die Psalms gevoel jy jou beskaamd dat die worstelinge van jou eie hart so oppervlakkig is vergeleke by wat hierdie mense van God deurworstel. By die liedere waarmee ander jou voorgaan, sê jy telkens: Dit gee die diepte van my eie lewe nie weer nie. Raak het Kret (1955, p. 257 — vertaald —) verklaar: "Die lied gaan, net soos die prediking, van Hom uit en keer na Hom terug". Nêrens word die erediens twee gelykwaardige partye wat dialoog voer nie, maar dit is altyd God

wat gee en die mens wat teruggee.

In die sang kom *die gemeente* aan die woord met die Woord. Daarom is 'n Gereformeerde erediens geen solo- of koorsang nie want die gemeente kom luister nie hoe ander God eer nie; *hulle kom God eer*, ook in sang en lied. Solo- en koorsang gaan daartoe oor dat "die galm en trilling van die stemgeluid" (Kuyper, 1911, p. 201) bewonder word eerder as dat God geëer word. Die beurtsang, soos in die Ou Testament in gebruik, word nie uitgesluit nie, bv. tussen mans- en vrouestemme (Ps. 136, Jer. 33:11; Esra 3:11). Maar weer eens: Die liturg moet nie te veel *self* reël nie, sonder die hartlike instemming en meewerking van die gemeente nie.

Sang en musiek het 'n diepe invloed op die gemoed en geloof van die gemeente. Daarom is die gemeentesang so sterk bepalend vir die stemming van 'n erediens. Ketters het dit ook begryp en hulle toegespits op die kerklied, bv. die Ariane in Konstantinopel. Die vrye sang (waarvan die teks nie in die Bybel is nie) is 'n bron van gevaar. Die *dwalinge* in die Evangeliese Gesange was die bedreiging waarteen die Gereformeerdes hulle in 1859 verset het. (Kyk: Van der Vyver, 1958, p. 202-12). Totius 1977, deel 3, p. 5 en 6) gee die verskil tussen Psalms en Gesange eenvoudig maar raak weer: Psalms word *berym* en Gesange word *gemaak*. "Die berymer probeer om *die gedagtes wat hom gegee word*, in maat en rym oor te bring. Die digter van Gesange giet egter gewoonlik *sy eie gedagtes* in versmaat om". Dit staan gelyk aan die verskil tussen 'n preek en 'n filosofiese lesing. (Aangesien dit algemeen beskikbaar is word die uitnemende uiteensetting van Totius nie hier weergegee nie. Dit kan, *en behoort!*, gelees te word in sy Versamelde Werke, deel 3, p. 347 e.v.).

Wat is "rymkuns"? Hierop antwoord Totius (idem, p. 353): "As die Psalms, letterlik uit Hebreeus vertaal, ons kunsgevoel nie bevredig nie, dan meen ons dat aan die berymer (liewer: bewerker) vryheid gelaat moet word ten opsigte van woorde en wendinge om in sy taal in kunsvorm uit te druk wat vir die Jood in Hebreeus kuns was maar in vertaalde vorm vir ons nie meer is nie. Natuurlik mag die bewerker nie nuwe (allermens vreemde) elemente in die bewerking in dra nie. Daarom is die hoofvereiste dat hy diep sal inlewe in wat die Hebreeuse digter hom voorgesing het. Meer as rymkuns is dan nodig. Vanself word deur dié metode van selfstandige en tog getroue vertolking baie hoë eise gestel. Die digwerk sal dan ook dikwels misluk. Maar wat dan eenmaal goed en kunsvol geslaag het, bly die eiendom van die kerk tot in lengte van dae". *Moet die psalmverse in die erediens voorgelees word?* Daar bestaan geen "moet" om psalmverse voor te lees nie. Wanneer die verse wel voorgelees word *moet* dit egter met begrip en gepaste gevoel vertolkend gedoen word.

Voorlees moet nie die gemeente se belewenis van die inhoud blokkeer of afstomp deurdat dit eentonig, sangerig, onritmies, sonder openbaring van begrip, oorgedramatiseer, onbesield, of op 'n ander onbetrokke of afstootlike wyse gedoen word nie. *Voorlees het slegs betekenis as dit die gemeente geestelik voorberei.* Trouens, indien die liturg nie die gawe het om so te lees dat die *inhoud* en die *ervaring daarvan* — soos dit eie is aan die liriek — vir die gemeente meer toeganklik word nie, moet voorlees liewer nagelaat word. In hierdie geval sal dit nodig wees om die psalms voor die aanvang van die diens bekend te stel én om die lidmate te leer *om self vooraf die verse, selfs die hele Psalm*, te lees en te oorpeins.

Die gebruik van die sang in die liturgie

Die Jode het die volle Psalm gesing. Die langes, soos Ps. 119, is sinvol ingedeel. Om hier en daar 'n vers uit te pik misken die eenheid van die Psalm of lied soos dit in die Skrif staan. Die eis is dat *ten minste* die grondlyn (die hoofdenkbeeld) van 'n Psalm vasgehou moet word in die keuse van verse. Daarom behoort in die reël meer verse gesing te word of meermale uit dieselfde Psalm in een erediens. Daar mag nie bloot by ooreenkoms in 'n *woord* tussen lied en preektema aangesluit word nie. Daar moet gelet word op die konstruksie (struktuuranalise) van 'n Psalm en op die openbarings- sowel as geesteselemente wat daarin saamgevoeg word, bv. vrees, smeking, dank in Ps. 28. Daarom is die voegwoorde aan die begin van 'n vers 'n duidelike aanduiding dat dit 'n eenheid vorm met die voorafgaande. Die eie aard van 'n Psalm moet goed oorweeg word. 'n Liturg moet met *groot versigtigheid* 'n psalm laat sing "met die oog op die prediking" of "in antwoord op die

Wet". Wie dit doen moet verseker wees dit is die doelwit van die Gees met daardie psalm. Die liedereskat van die Bybel bestaan uit *gebede* (aanbidding, smeking, belydenis), *lofsange* (gerig tot God of as getuienis tot mekaar), en *danksegginge* (aan God, soms met verhaal van sy groot daade in die geskiedenis).

Die sangboek is 'n formulierboek

Formuliere vind hul grootste krag "in den ijk der tradisie en in het vaste van den vorm" (Kuyper, 1911, p. 68) Die lied vir die erediens is presies geformuleer en word nie geïmproviseer nie. Daarom moet "Heer" gelees word want "Heer" en nie "Here" nie word gesing. "Elke woord, elke sillabe het sy plek. Die wat dit sing, sing dit uit 'n boek. Die presiese woorde word dan ook gebruik wat daar staan; en soos dit daar staan, word dit in die geheue ingeprent" (du Toit, 1977. p. 374). Juis hierdie "in die geheue ingeprent" maak die kerklied so uiters belangrik en daarom die vrye lied (sonder direkte beryming van 'n Bybelteks) so gevaarlik. "Selfs as daar nie juis van bepaalde afdwaling van die leer wat na die godsaligheid is, sprake hoef te wees nie, dan nog dreig die gevaar dat (in die vrye lied) die persoonlike vroomheidselement te sterk oorweeg. Die stempel wat deur die lied op die gemoedslewe afgedruk word, moet soveel moontlik in ooreenstemming wees met die volle Woord van God. Dit was ook nie oor 'n bagatel dat daar amper ses eeue lank stryd was in die oudste Christelike kerk nie" (ditto, p. 375).

Die orrelbegeleiding

Vroeër was daar sterk beswaar teen die gebruik van 'n orrel in die erediens, veral onder die Skotse Presbiteriane. Besware kom ook voor onder Gereformeerdes in Suid-Afrika.

Musiekbegeleiding (en kuns in die algemeen) het 'n plek in die erediens, maar hierdie plek is dienend, ondersteunend. Ons vind dit veral in die boukuns, digkuns en toonkuns (Ps. 50:2; 150:3-6).

Die plek van die kuns is egter die van 'n dienskneg, ondergeskik aan die waarheid, in die ere van God. Aanvanklik was die funksie van die orrel selfstandig terwyl die gemeente sonder begeleiding gesing het (Brink, 1979, p. 84). In die gemeentesang gaan dit nie eerstens om skone vokaalgeluide nie — dan moet kore sing! Die lelike en onbesielde is egter geheel en al onaanvaarbaar in die erediens, daarom mag ons nie berus by minder as die allerskoonste en mees entoesiastiese gemeentesang nie. Daartoe kan die orrel help. Maar die orrelklanke mag nooit die gemeentesang oorheers nie; dit moet die sang slegs lei en dien. Daarvoor gee goeie begeleiding die *ritme* en die *melodie* duidelik aan en probeer nie self konsert hou nie. Die orrelgeluid mag ook nie so wees dat dit die aandag van die woorde aftrek of dit oordonder nie (Kyk Calvyn, Inst. III, XX, 3).

Kuyper (1911, p. 90) stel dit — vertaald — soos volg: "Natuurlik is dit die beste as die orrel gemis kan word". Inderdaad, die aktiwiteit van die gemeente en die betekenis van die woorde word beklemtoon wanneer 'n gemeente *goed* uit volle bors sing sonder orrel. Sang staan as aktiwiteit van die gemeente ver bo orrelspel, daarom moet die orrel slegs sang wat nie nootvas is nie, of wat huiwerend is, steun en lei. Die oordrewe groot en duur orrels in Gereformeerde kerke is misplaas en meestal totaal onderbenut, 'n Gereformeerde orrelis moet die gawe van beskeidenheid hê. Dit hinder en onstig die gemeente as by die orrel 'n persoon sit wat homself soek, en nie die sang van die gemeente nie, deur gedurig die aandag op homself te trek. Ons groot orreliste het altyd geweet om hierdie kwaad te vermy. Dit is alleen die halwe en kwart orreliste, wat nóg die eis van die kuns nóg die heilige van die erediens begryp, wat gedurig kunsies beproef vir eie reklame (Kuyper, 1911, p. 90).

'n Dienende orrelis met 'n goeie orrel kan die gemeentesang opkweek tot 'n hoogtepunt van Godsverering.

Dit is die verantwoordelikheid van die liturg om toe te sien dat die gemeente sing wat hulle kan sing. Vreemde melodie wat sukkelend deurworstel word hoort nog nie in die erediens nie maar in

die sangoefening van die gemeente. Sang wat sukkelend, onseker en sonder entoesiasme geskied omdat die wysie onbekend is kan God nie *hartlik* (Ef. 5:19; Kol. 3:16) eer nie. Die liturg dra ook die gewigtige verantwoordelikheid om die inhoud van die sang so te kies dat dit organies inpas in die erediens en die gemeente se sin volle deelname dra en beklemtoon.

4.5 Die geloofsbelydenis

In die Geloofsbelydenis is die *gemeente aan die woord*³. Die liturg is slegs spreekleier, soos 'n voorsinger by die sang. Die gelowige *bely persoonlik*: "Ek glo", maar *in gemeenskap* met al die ander gelowiges. Dit bied meteens ook geleentheid tot selfondersoek, tot inkeer in die eie gemoed om rekenskap te gee: Glo ék dit saam met die gemeente?

Die gemeente bely die Twaalf Artikels. Dit is meer as 'n herinnering. *Die gemeente hoor nie aan nie maar bely self* saam sodat die belydenis die antwoord is op God se toesegging en versekering in die aanvangsseen. Met die belydenis jubel die gelowige hart in die vryheid van versoening, "want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding" (Rom. 10:10). In die liturgie van die GKSA funksioneer die Geloofsbelydenis sowel in objektiewe as subjektiewe sin: Dit is samevatting van die Godsopenbaring én instemming met die waarheid (Kyk H. Jonker, idem, p. 131-2, HK antw. 21(a)).

Maar in sowel objektiewe as subjektiewe belydenis gaan dit om wat waar en seker is, *die feite (indikatief) van God se openbaring*.

Daar bestaan geen voorskrif vir die oproep tot die geloofsbelydenis nie. Dit is algemene gebruik om te sê: Ons doen nou saam belydenis van ons heilige algemene ongetwyfelde geloof en elkeen spreek soos volg in sy hart. Sterker en meer getuigend is om "ongetwyfeld" te vervang met: Waaraan ons nie twyfel nie.

Daar bestaan ook 'n gebruik om die belydenis sonder aankondiging te doen. Dit hou in dat die liturg *spontaan uit die midde van die gemeente* as hulle voorganger die belydenis voorspreek.

Die verkieslike en mees korrekte sou wees dat die gemeente dit spontaan gesamentlik doen, sprekende of singende, en staande. Jonker (idem, p. 148) stel dit skerp: Om die geloofsbelydenis deur één mens te laat voorlees is ewe vreemd as om 'n maaltyd deur één mens te laat eet vir die ander wat toekyk. Daarom het Calvin in Straatsburg die gemeente die geloofsbelydenis laat sing. Volgens Brink (1797, p. 42) bestaan daar ou, middeleeuse en moderne melodie. (Kyk *Die Kerkeblad* 21.10.81).

Dit gaan in die erediens om 'n kort maar omvattende belydenis van geloof in die Drie-enige God wat sy gemeente ontmoet, en aan sy werk. Die Twaalf Artikels en die Geloofsbelydenis van Nicea pas die beste want hulle is kort, saaklik, positief, omvattend en ekumenies.

Wanneer die liturg die Geloofsbelydenis voorspreek moet dit so geskied dat hy die *saambely* van die gemeente stimuleer en nie blokkeer nie. Daar moet egter gelet word op die nuanseringe: Die majesteit van God die Vader; blydschap in die geboorte van Christus; donker dalende lyn in die lydensweg; klimmende lyn van verhoging met 'n stygende oorwinningsjubel; gelykheid van die Gees met Vader en Seun *in* wie ek glo; dankbare kennis van die kerk, wat gevolg word deur die stygende jubel: Vergewing, opstanding en ewige lewe.

Moet daar na die Geloofsbelydenis gesing word? Die sinode GKSA (1955) het dit in die vryheid van die kerke gelaat. Daar kan egter wel liturgiese besware teen sang na die belydenis genoem word. Die belydenis is reeds *die gemeente se antwoord* op die seën, daarom kan op die belydenis nie deur die gemeente geantwoord word nie. "Dat is de zaak op zijn kop zetten" (Brink, idem, p. 41). Sang na die belydenis laat die indruk dat die gemeente nou daarmee instem deur 'n lied; en dit weerspreek

³ Die nasionale sinode van die GKSA (1955) praat ongelukkig van "die voorlesing van die geloofsbelydenis" (Handelinge, 1955, p. 403, 404).

die egte liturgie: *die gemeente bely self geloof*.

4.6 Afkondiging van die Wet

Die afkondiging van die Wet in die erediens is 'n vrug van die Reformasie want dit het nie in die Roomse erediens voorgekom nie. Die oorsprong lê in die Switserse Reformasie waar dit reeds in 1532 voorkom in die Züricher Predicantenordnung, maar na die preek tussen die Onse Vader en die Twaalf Artikels. Farel het dit in 1533 in die liturgie te Genève opgeneem.

Die liturgie van die GKSA plaas die afkondiging van die Wet na die Geloofsbelydenis. Dit berus op twee gronde: Die Wet is reël van dankbaarheid, en die opdrag (imperatief) berus in die Heilige Skrif altyd op die stellige openbaring van God se bestaan en werk (indikatief).

Die Heidelbergse Kategismus plaas die behandeling van die Wet in besonderhede in die derde deel: "Hoe ons God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees". Die verlossingswerk van Christus het die Wet vervul en dus bly die Wet vir die gelowiges staan as reël van dankbaarheid. Maar die Wet het ook 'n sonde-ontdekkende werking. Daarom verklaar die Kategismus in Sondag 2 dat die gelowige sy ellende uit die Wet leer ken. Die mens kom nie slegs deur kennis van sy ellende tot geloofsbelydenis nie, maar op grond van kennis van God en sy versoeningswerk is die gelowige in staat om sy ellende reg te ken, nie daarin te bly lê nie maar voort te stry in dankbaarheidslewe.

Daarom eers die Geloofsbelydenis en daarna die Wet.

In Eks. 20 gee God, voorafgaande aan sy gebooie, die feit van sy Selfopenbaring: "Ek is die HERE jou God". Die Twaalf Artikels is met die belydenis van geloof in die Drie-enige God, 'n Nuwe-Testamentiese uitbreiding van hierdie Selfopenbaring van God en gaan dus op Skriftuurlike wyse aan die gebooie vooraf.

Dit is nie nodig om te kies tussen die Wet as openbaring van ons sonde en as reël van dankbaarheid nie. Die Wet kom in sy volle krag tot sy reg deur dit te laat volg op die gemeente se belydenis volgens die Twaalf Artikels: Die HERE is ons God.

In die gemeentesang na die Wet behoort die liturg die gemeente te lei in skuldbelydenis én dankbaarheid. Die Heidelbergse Kategismus verbind ook die kennis van ellende én die dankbaarheid vir verlossing aan mekaar in antwoord 115: Die Wet word skerp verkondig sodat ons ons sondige aard sal leer ken, en dat ons ons sal beywer om hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuut te word. Calvyn het die dubbele werking van die Wet erken deur die afkondiging te laat volg op die skuldbelydenis terwyl die gemeente op die gebooie reageer het met: "Here, ontferm U (Kyrie eleison)" na elke tafel (Van der Werf, 1976, p. 40). By die aanhoor van die Wet kan die gewaarwording van ellende en dankbaarheid mekaar vinnig afwissel in die gemoed (du Toit, 1977, p. 20).

Liturgies word die Wet in die midde van die gemeente afgekondig en nie slegs voorgelees nie. Die gemeente word die Wet telkens weer aangesê om dit in te skerp want die volmaaktheid is nie hier nie maar eers na hierdie lewe (Heidelbergse Kategismus antw. 115).

Liturgiese inskerping vereis dat die Wet nie meganies, ondeurleefd, gedagteloos voorgelees word nie, maar met ootmoed én heilige erns. Die liturg staan saam met die gemeente onder die afkondiging voor die troon van die Heilige God.

Die liturg moet hom indink op watter wyse, toon, sterkte van stem hy moet spreek om nie aanmatigend te wees nie en tog ook niks af te doen aan die Majesteit van God wat spreek nie. Veral die Wet stel hoë eise aan die stem van die liturg, waaraan hy met sy persoonlikheid en gawes slegs dan sal kan voldoen as hy kinderlik gelowig self voor die God van die Wet buig.

4.7 Skriflesing

Die gebruik om die Heilige Skrif in die vergadering van die volk van God voor te lees, is baie oud. Reeds Deut. 31:10-13 maak melding daarvan op die Loofhuttefees. Volgens Luk. 4:16; Hand. 13:15

en 15:21 was Skriflesing deel van die erediens.

Vir die voorlesing in die sinagoge is die Skrif in 154 stukke (Paraschen) verdeel om in drie jaar deurgelees te word. Later is dit verminder na 54 stukke om in een jaar deurgelees te word. Daarnaas is nog gedeeltes uit die profete (Haphtaren) volgens vrye keuse gelees. En dan was daar ook geleentheid vir voorlesing deur enige bekwame gemeentelid (Luk. 4:16-20; Hand. 13:15).

In die Christelike gemeentes was dit van die begin af 'n deel van die erediens, nie in navolging van die Sinagoge nie maar uit dieselfde bewustheid: Ons het die godsdienst van die besondere Self-openbaring van God in sy Woord. In 1 Kor. 6:16; 9:13; Rom. 7:1 en Gal. 4:21 word bekendheid met "die Skrifte" veronderstel, terwyl Bybels nie algemeen versprei was onder persone nie. Hierdie bekendheid is dus te verklaar uit die bestendige voorlees in die eredienste.

Met watter doel word die Heilige Skrif vandag nog in die erediens voorgelees?

Daar is twee standpunte:

** Die Skriflesing het 'n eie selfstandige plek*

Omdat die gemeente God in sy Woord deur sy Gees ontmoet, moet die Woord *regstreeks* tot die gemeente spreek en nie slegs deur middel van verklaring in die prediking nie (Kyk du Toit, 1977, p. 17). Die Skriflesing kan in 'n byeenkoms van gelowiges nie uit enige vertaling geskied nie "maar alleen uit daardie vertaling en daardie uitgawe wat kerklik goedgekeur is (Du Toit, 1977, p. 17; vgl. besluit Sinode GKSA 1882 art. 189).

In Straatsburg het Calvyn hom by Bucer aangesluit. In die liturgieboek van Straatsburg (kyk: Van der Werf, 1976, p. 38 vv) kom Skriflesing driemaal voor: Brieflesing (uit die Briewe van die Nuwe Testament), Evangelielesing (uit een van die Evangelies) en Skriflesing met die oog op die prediking. Calvyn maak in sy eie liturgie te Straatsburg en Genève duidelik onderskeid tussen Skriflesing en prediking (Van der Werf, 1976, p. 50 v) deur lied en insameling daartussen in te voeg.

Die Sinode van Dordrecht 1574 het die liturgie tot die uiterste ingekrimp en die weg gebaan dat die prediking as "het eigenlijke bestanddeel van de dienst" (Van der Werf, 1976, p. 44) beskou word, met weglating van die Skriflesing.

Die Skriflesing sou so ingerig kan word dat in die loop van die jaar die Heilige Skrif in hoofmomente volgens onderskeie, vir elke jaar bepaalde, openbaringshistoriese lyne deurgelees word; of Bybelboeke kan agtereenvolgens deurgelees word.

Deur volgens 'n besondere openbaringshistoriese lyn deur die Skrif te lees, kry die keuse van die voorgelese gedeelte 'n leidende motief en is willekeur — Kuyper (1911, p. 265) se probleem — uitgesluit. Lang gedeeltes moet nie gelees word nie, maar elke stuk moet 'n afgeronde geheel vorm. Die spreke van God moet duidelik herken kan word; dit moet as 'n eenheid aangryp, onderrig, aanspreek.

Die swak Bybelkennis van lidmate en die Ongesonde gewoonte van selektiewe lees vir persoonlike stigting sal hierdeur bestry kan word. Die mense sal die *eenheid* van die Skrif leer ken. En ook die rykdom en skoonheid van dele wat hulle, in hulle leeswerk vir eie stigting, oorslaan.

Dit is nodig dat die lidmate hulle Bybels in die erediens onder die voorlesing gebruik. Die kennis van die Bybel word daardeur verdiep en verbreed. En deur saam te lees word die inhoud beter ingeneem as bloot deur aan te hoor. Dit sal die aandag ook verskerp om in 'n ander vertaling te volg as die een waaruit die liturg lees. *Die liturg moet die lidmate tyd gee om die hoofstuk te vind!*

Die kern van die saak is: *Die Bybel is die Woord van God, en daardie Woord moet in die samekoms gehoor word* (Du Toit, 1977, p. 17). *Die Woord is nie net "teks vir die preek" nie! Al ken die mense die Bybel uit die hoof, God spreek daarmee in hulle midde soos deur sy asem.*

Die argument dat voorlees van die Woord in 'n geletterde gemeente onnodig is, word weerspreek

deur die groot gebrek aan Bybelkennis (Kyk ook: Jooste, idem, p. 27).

** Die Skriflesing geskied om die verband waarin die teks voorkom aan die gemeente voor te hou*

Hierdie standpunt word in die praktyk selfs sover deurgevoer dat 'n verskeidenheid van perikope, en selfs verse, voorgelees word as agtergrond vir die preek. Dan staan die Skriflesing volkome *in diens* van die prediking, en boet God met sy Woord sy Majesteit in voor die prediker en sy preek.

Die Skriflesing waarin God regstreeks spreek tot sy volk staan liturgies bó die prediking en vorm dié hoogtepunt van die erediens.

Tog is dit *noodsaaklik* om Skriflesing en prediking so te verbind dat die gemeente die teksverband verstaan. Du Toit (1977, p. 17) en Jooste (idem, p. 28) lê hierop met reg klem.

Maar dit is nie nodig om tussen die twee standpunte te kies nie.

Die Skriflesing kan sy eie selfstandige majesteitlike plek hê. Dit kan sonder "onnatuurlikheid" (Jooste, ditto) geskied want die liturg kan die Skrifgedeelte logies en organies bepaal deur 'n openbaringshistoriese lyn te volg of stelselmatig 'n Bybelboek te lees. Hierdie wyse van Skriflesing is net so ordelik as die vrye keuse waarmee die liturg die tekskeuse vir die prediking doen.

Daarna, direk voorafgaande aan die preek en sonder tussenkoms van gebed of gesang, volg die Skriflesing waarin die teks vervat is. Liturgies word Skrif en prediking daardeur regstreeks verbind. Die aandag en begrip van die gemeente word gedien deur vooraf te sê wat *die teks uit die voor te lese gedeelte* sal wees. Geheimhouding van die teks, "verrassen" (Kuyper, 1911, p. 265), is nie in ooreenstemming met die karakter van die erediens nie. Kuyper sê so 'n verrassing is nie rustig, eenvoudig of waardig genoeg nie, en dit pas meer by motto-prediking as by Skrifprediking.

Eise aan die Liturg by die voorlesing.

In die voorlesing moet die liturgiese eise van skoonheid, feestelikheid, waarheid en egtheid tot uitdrukking kom. Wie lusteloos, onaangeraak, oneerbiedig lees moet dit liever nalaat en aan iemand anders toevertrou. Kuyper (ditto) sê hier ook weer 'n raak woord: Die persoon moet "nie soos 'n notaris maar soos 'n erfgenaam 'n testament" voorlees, d.w.s. *volkome betrokke*. Daarom moet die liturg hom vir die voorlesing *voorberei*. Hy moet weet hoe die sinsbou saamgestel is, waar die nadruk val; watter toon, intensiteit en volume van stem pas. Woorde en name moet korrek uitgespreek word. *Niemand* lees somer vanself goed en vertolkend nie.

4.8 Die gebede in die erediens

Die gebed is ons vernaamste goeie werk, die vernaamste deel van ons dankbaarheid (Kategismus antw. 116).

"Die een wat dank offer, eer my" (Ps. 50:23) sê die HERE in die "erediens-psalm". En die Here Jesus sê:

"My huis moet 'n huis van gebed genoem word" (Matt. 21:13).

Met hierdie woorde dui Jesus die heilige bestemming van die tempeldiens, en dus ook die erediens, aan. Die gelyke status van die gebed met die prediking in die erediens blyk verder uit die stelling van die apostels dat hulle sal volhard "in die gebed en die bediening van die woord" (Hand. 6:4; vgl. Hand. 2:42 waar "leer" en "gebede" saamgaan).

Die ganse openbaringsgeskiedenis bevestig dat die gebed die gelowige se belangrikste erediens-handeling is. Van Adam tot Moses was erediens gebed en offer. En daarmee eindig die Bybel, met die gebed:

"Amen, ja kom, Here Jesus" (Op. 22:20)

In die gebed gaan dit om die lof van God, skuldbelydenis, smeking om genade, erkenning van afhanklikheid en veral om dankbaarheid. Maar gebed kom nie somer vanself nie. Zuidema (1951,

p. 33) wys met klem daarop: Bid is werk. Met ons gebed gaan ons na God terwyl ons ander goeie werke gerig is op ons naaste. Daarom is gebed ons vernaamste goeie werk.

Versteeg (1973, p. 6) beklemtoon dat gebed in die Nuwe Testament altyd — soos Paulus dit eksplisiet stel in Ef. 6:18 — "bid in die Gees" is. Salwing met die Gees moet ons bewaar teen die "oppervlakkige gewoontegebed" (Van Es, s.j. p. 27). "As ons nie ryklik met die salfolie van die Gees oorgiet word nie, wil dit maar nie regkom nie" sê Totius (Du Toit, idem, p. 26).

Die gebed van die gemeente in die ere-diens moet nie onderskat word nie. Dit is liturgies onmisbaar, en staan in die ontmoeting met God ten minste gelyk met die prediking.

Teen die kwade neiging om die gebed in die liturgie te degradeer moet ernstig gewaak word. Daar word gans te gou gekla as die gebed enigsins lank duur. Mense wie se geestelike vlak laag is kan nie met oorgawe van siel én liggaam ruim en besield bid nie, daarom verveel dit hulle gou. "Ja, en as ons nou eerlik voor God moet sê hoeveel keer ons in gebed voor God verskyn sonder dat daar in die minste ontroering by ons te bespeur is of sonder dat dit die minste spanning in ons lewe bring, dan besef ons pas hoever ons reeds op die weg van vormgodsdienis gevorder het" (Jooste, 1957, p. 30). Totius het al in 1906 oor oneerbiedigheid en onbetrokkenheid gekla (1977, p. 26, 29). Warren (1980, p. 1) maak die stelling dat in Gereformeerde kringe 'n armoede en skaarste bestaan aan bespreking van die gebed — terwyl Velema (Gebed, 1976, p. 7) reeds kon wys op 'n bronnelys van 1221 titels oor die gebed! Is die Gereformeerdes in die heerlikheid van gebedsgenade dan ver agter!?

Omdat die gebed ook in die openbare ere-diens *DIE GEMEENTE SE REGSTREEKSE SPREKE MET GOD SELF* is moet die liturg as mond van die gemeente hierdie diens met heilige erns en ootmoed volbring. Die liturgiese gebede mag nie lou uitgespreek word nie; dit mag nie 'n onware gedagtelose aaneenryging van mooi frases en verstarde woordspelings wees nie. *Dit moet 'n lewende egte regstreekse spreke tot God wees.* Mooidoenery is oortreding van die derde gebod net soos ydele herhaling van God se Naam in elke sin van die gebed. Omdat die liturg die mond van die gemeente is en *die gemeente liturgies self bid*, mag die gebed nie die "privaat gebed" (Brink, idem. p. 25) van die liturg wees nie. Hy is ook *nie gebedsmiddelaar vir* die gemeente nie, daarom moet hy *met* hulle *vir* hulle bid.

Ondeurdagte, breedsprakige gebede is oneerbiedig. Die Skrif spreek skerp oor onegte gebede. Voorbeeld sou vermenigvuldig kon word. Die volgende sal genoegsaam getuig: Jes. 1:13-15; 29:13, 14; Amos 5:21-27; Mark. 12:38-40.

Gebede waarin dit nie gaan om egte gemeenskap met God Self nie, waarin Hy nie die *sentrum van die toenydning* (Stauffer, aangehaal deur Lane, 1974, p. 441) is nie, wek God se weersin en toorn. In Jes. 1:13-15 word die *valsheid* (die minhat sawe = voos, huigelagtig [מִנְחָת-שָׁוְא]) van die ere-diens en die uitgebreide gebedshande verwerp: "En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie" (Jes. 1:15).

Die gebed is nie gegee om die menslike of volksbestaan te sanksioneer nie, maar om God te verheerlik (Snijders, 1969, p. 30). Die profete het hulle verset teen formalisme in 'n uiterlike gebed sonder dat die hart daarin is, want geloof is die moeder van die gebed tot God en as dit afwesig is bly niks oor behalwe leë spotterny nie. Die harde verwyd dat die gebed net lippetaal en "mense-gebed" (Jes. 29:13) is, is 'n verwerping van formalisme en kan ook weergegee word met: "Hun godsdienst is een uit het hoofd geleerde lesje" (Th. C. Vriesen, aangehaal deur Snijders, 1969, p. 293. Kyk ook: Young, 1974, p. 320). Die tragiek van die formalisme spreek smartlik tot die kerke in mense wat moeg word vir hierdie verstarde godsdienis en oorgaan tot die ander uiterste deur alle binding opsy te stoot. Hierdie gevaar kan alleen deur innerlike verdieping van persoonlike gemeenskap met God Self afgeweer word (Eichrodt, 1967, p. 152). In 'n vergelyking van Jesus se oordeel oor die Fariseërs (Matt. 15:18v en Mark. 7:6v) met die woorde van Jes. 29:13vv sê Eichrodt (idem) die formaliste het hulle aan die geboekstaafde reëls verkoop en soek versekering deur

menslike middele terwyl hulle van God vervreem is.

Dit bly 'n wesenlike gevaar, waarvan die liturg bewus moet bly, "om vir die skyn" (Mark. 12:40) te bid. Die liturg moet eers bid om te kan en te mag bid voordat hy sy openbare gebed bid. Die *enkele oomblikke* wat hy gebruik vir hierdie stille roep tot God om die sugte van die Gees (Rom. 8:26, 27) sal niemand hinder nie. Inteendeel, die paar oomblikke stilte sal ook die gemeente geleentheid gee om hulle op gebed in te stel.

'n Waaragtige gebed laat die ernstige gelowige *saam* bid en *saam* dank; 'n skyngebed ontnem almal gou alle oplettendheid en laat die vermoeide aandag dwaal (Vgl. Meulenbelt, idem. p. 155). Waarheid en egtheid is die voorvereiste vir fris en vars wees in die gebed sonder geykte herhalings en gesogte woordspelings waarmee die liturg 'n "lewende formulier" (idem p. 157; Heyns, idem. p. 156) word.

Dit is noodsaaklik dat die liturg, synde mond van die gemeente, so bid dat elkeen gemaklik en sonder hoë inspanning met volle begrip kan meebid. Die gebede moet nie ontaard in beredeneerde, prekerige betoë nie. Dan luister die gemeente (gedeeltelik!) miskien nog na die bidder, *maar kan nie saam bid nie* omdat hulle die ingewikkelde redenasies nie onmiddellik hul eie kan maak nie.

- EENVOUD is dus die wagwoord.
- Die bedes van die lidmate moet deur die liturg uitgespreek word. *Dit vereis dat hy hulle moet ken*, met hulle geestelike en alledaagse lewe vertrou moet wees. Hy moet voluit waarlik pastor wees om liturg te kan wees. Die gemeente moet hom ook vertrou en ken om hulle in die gebed met hom te verenig. Die pastor-liturg moet die gemeenskaplike nood en dank en lof van hulle met wie hy bid in sy hart opneem, daar ten volle in betrokke raak (Jer. 14:7) en dit dan saam het hulle tot God uitspreek.
- Wie voorgaan in die gebed *MOET HOM TOT GOD RIG*. Die gerigtheid moet spreek uit sy ootmoed en geloofsekerheid. Daarom praat hy nie *oor* God nie maar *alleen met God*; *nie met* die gemeente nie maar *saam met* hulle. Die toon en intensiteit van sy stem moet pas by die ootmoed en eerbied van 'n gebed. Toneelspel sal baie gou blyk. Egtheid is 'n vereiste. As hy hom nie eg en waar in die spreke met God inleef nie sal hy die gemeente nie daarin kan saamneem nie.
- Openbare gebede vereis *VOORBEREIDING*, meditasie en gebed, sodat die liturg in die Gees saam met die gemeente in die Naam van Christus tot die "enige HERE" kan bid.

Voorbereiding behels ook om die opkomende bedes in sy gedagte, telkens in eenvoudige, helder, gepaste *woordkeuse* en *sinsbou* te giet. In 'n vrye gebed word die gedagtestruktuur maklik gekompliseerd, lank en met tussensinne deurvlegd. Dan word saambid vir die gewone lidmaat onmoontlik, want hulle begrip faal. Voordat hulle die ingewikkelde sin ontrafel het, is die voorganger al weer met die volgende 'n end weg! Die kontak is gevolglik deurbreek. Die aandag is verlore.

Die voorbereiding moet dus sowel *inhoud as formulering* insluit.

Formuliergebede

Aangesien die gebed die gemeente se vernaamste liturgiese handeling is, is dit geen wonder dat daar 'n veelheid van formuliergebede agter in die Psalmboek voorkom nie. Ongelukkig blink hulle nie uit in eenvoud nie. Maar as hulle meermale gebruik word sal die gedagtegang bekend wees. Formuliergebede mag nie afgerammel word nie, maar moet gebid word. Die gemeente moet herken: Die liturg het die gebed in sy hart opgeneem en spreek die formulierwoorde ons voor uit sy hart uit tot God, sodat hulle eg kan saambid. Trimp (1978, p. 90) verklaar dit gaan in die formuliergebede daarom "dat heel de gemeente zou leren bidden en meebidden".

Die formuliergebede is nie bindend nie, behalwe die wat in liturgiese formuliere voorkom.

Wanneer 'n liturg 'n vrye gebed nie kan uitspreek nie, is die formuliergebede tot sy beskikking. En daar is ook gebede in die Heilige Skrif wat hy met die gemeente tot God kan rig.

Trimp (idem, p. 90, 91) wys op die stand van sake in die Roomse erediens waar die priesters, ten tye van die Reformasie, gebid het en die gemeente het toegekyk en sonder begrip geluister. Die gelowiges moes na die verval in die Middeleeue weer leer bid. Maar die Reformatore wou nie *orde tot wet* maak nie. Teenoor die Roomse liturgie beklemtoon hulle die Christelike vryheid met betrekking tot die "seremonies"; teenoor die geesdrywers stel hulle dat hierdie vryheid nie tot 'n *nuwe wet* gemaak mag word nie. Die liturgiese gebed moet steeds bewaak word teen individualisme en subjektivisme, maar ook teen dogmatisme en verstarings. "Stukken der leer in bidvorm gieten, dat is geen gebed" het P. Biesterveld êrens geskrywe.

Één man kan moeilik, ongeag die rykdom van sy gawes, Sondag na Sondag vier maal vars, lewend en eg die gemeente se gebedshart vertolk. *Dit verdien ernstige oorweging om die gawes van die Gees wat in die gemeente aanwesig is, te herken en tog die goeie orde te hou.* Ouderlinge, of ander erkende voorgangers in die gemeente, behoort deur die kerkraad aangewys te word om in sommige van die gebede elke Sondag voor te gaan. Dit is reeds tradisie met besondere biddae, maar dit kan met groot vrug uitgebrei word tot die gereelde eredienste. Selfs Gereformeerde eredienste is reeds te veel "predikantshandelinge".

Dit verdien ook die sterkste aanbeveling dat die Onse Vader minstens een maal per Sondag deur die gemeente gebid word, en veral dat hulle dit hardop saam bid. Die uitvoerige uitleg van die Onse Vader in die Kategismus bring mee dat die gemeente hierin waarlik kan saambid. Hierdie gebruik is in baie kerke deel van die liturgie en geskied volkome stigtelik wanneer die gemeente eers daarin geoefen is. Eendragtigheid (Hand. 4:24) in die gebed moet nie net stilswyend betuig word nie. Die tradisie van eeue dat die gemeente in gemeenskap met die liturg ook "amen" sê, kan ter wille van die ekspressie van eendragtigheid gerus herstel word. Valse skaamte mag ons nie weerhou nie.

Liggaamlike ekspressie

Neerkniel is die mees algemene gebedshouding in die Heilige Skrif. Neerkniel is beeld van 'n ootmoedige vernederde hart vol sondebewussyn en afhanklikheid voor die Majesteit van God. Maar *staan* kom ook as gebedshouding voor in die Bybel (Mark. 11:25). Hierdie liggaamshouding dui op bewustheid van verlossing en op diensgereedheid. "Daarom het die eerste Christene voor die fees van Jesus se opstanding op die knieë gebid; maar daarna was die besef van verlossing te sterk en het hulle, geregverdigdes (in Christus) voor God, *gestaan*. Ook beteken staan volgens Joodse oorlewering *om tot diens bereid te wees*. Die engele staan voor die troon van God, omdat hulle hulle altyd gereed moet hou om Hom te dien" (Du Toit, 1977, p. 27). Vaste banke in die kerkgeboue sluit kniel meestal uit. Maar *eerbiedige staan met gevoude hande* is nie minder 'n paslike liggaamlike ekspressie van gebed nie. "Gevoude hande is van Indo-Germaanse oorsprong en beteken om in jou magteloosheid van jouself af te sien, terwyl die ophef van die hande te kenne gee dat jy jou gereed maak om die seën van God te ontvang" (idem, p. 27-8).

Bewustelike liggaamlike ekspressie is in die psigosomatiese eenheid van 'n mens 'n uiters belangrike aspek van deelname in die openbare gebed. Ons het in die Gereformeerde kerke hierdie belangrike saak tot groot skade verwaarloos en, gebrandmerk, aan die sektes weggegee. So is ons eredienste beroof van 'n belangrike element van religieuse belewenis in die gebed. Siel en liggaam is in die godsdienstige uiting van die gelowige onskeibaar. Jonker (idem, p. 149) spreek die gerasionaliseerde liturgiese beleving met reg aan: Daar heers 'n swaarwigtigheid onder ons wat nie met die waarheid van die Bybelse getuienis ooreenstem nie.

Die Gereformeerde liturgie kan wins doen deur die gemeente meer spontaan ekspressief aktief betrekke te laat meedoen ook in die gebede, *sonder* om in ordeloosheid te verval.

Valse skaamte is sonde en moet afgeleer en afgeweer word. Waardigheid is allermens gelyk aan starheid. En die feestelikheid van die erediens moet nie deur strakheid onderdruk word in die naam

van orde nie.

Die verskillende gebede in die erediens

** Gebed voor die preek*

Hierdie gebed vorm 'n oorgang van Skriflesing na Skriflesing met prediking en moet hoofsaaklik drie elemente bevat: Skuldbelydenis, smeking uit al die node van die gelowiges, begeerte na die volle krag van die prediking.

— Skuldbelydenis

In die Skriflesing het die gemeente voor die Aangesig van God verskyn. Deur die besef van sy Heiligheid word die behoefte gewek aan sy "vriendelike oë (Hos. 6:2; Ps. 25:3 -belydenis). In die lig van God se Selfopenbaring ontdek die son-daar sy skuld, en op die skuldbesef moet die gebed dadelik volg, want "skuldgevoel sonder *skuldbelydenis* is nog nie genoeg nie. Wat die hart voel, moet die mond ook bely" (Du Toit, 1977, p. 23). Daarom is die hoofinhoud van die Formuliergebed voor die preek belydenis van sonde. Dit moet geskied in kort volsinne, rustig, sodat die gemeente kan saam bely, konkreet maar nie persoonlik nie, eenvoudig en kinderlik. Die taal en toon moet die wees van een wat midde in die skuld staan en nie die van een wat die buite af toekyk en *vir ander* mense bid nie. En *nooit* mag die skuldbelydenis tot 'n haatlike en sadistiese tentoonstelling van verkeerdhede in die gemeente of in die lewe van persone of 'n eie biegeleentheid verword nie.

— Smeking vanuit die node

'n Liturg kan nie elke Sondag die spesifieke node van elkeen of selfs elke groep uitspreek nie. Daarom moet dit stelselmatig gedoen word, terwyl elke gebed die afhanklikheid van God in *alle* nood moet bely. Die liturg moet hom op die hoogte stel van die *akute node* in die gemeente, die Christelike kerk, die land (streek) en die wêreld. Hy moet sover moontlik konkreet wees in sy smeking. Beplanning is ook nodig sodat oor die verloop van etlike Sondae die verskillende lewensterreine (onderwys, polisie en militêre diens, verpleging, landbou, owerheid ens.) te berde kom. Wanneer paslik moet nie gehuiwer word om name te noem nie, maar in die reël moet by die saaklike gebly word want dit omvat alle betrokkenes en laat dus niemand in die koue nie. Dit is beter om die naam te noem as om 'n ellelange omslagtige omskrywing te gee.

— Begeerte na die prediking

Ernstige bede om opening van die Woord vir prediker en gemeente is vanweë volkome afhanklikheid van die Gees hier onmisbaar. Die Heilige Gees gee én verklaar die Woord en maak dit vrugbaar in die gemeente en die wêreld. Die Heilige Gees is die Prediker én die Hartoepmaker én die Naprediker (die Een wat die volharding gee).

Algemeen

- + *Die res van die liturgie moet ook ingesluit word anders is die prediking oorbeklemtoon.*
- + Dwarsdeur die gebed moet die *adoratie, die aanbidding* aanwesig wees. En dit is nie gelyk aan 'n optelsom van God se deugde nie, maar in woord en toon moet sy Majesteit erken word.
- + Waak teen *teologisering en dogmatisering* om eie regsinnigheid voor die gemeente uit te stal in 'n "preek-gebed" wat God oor die bidder se regsinnigheid "inlig". 'n Gebed is nie 'n toespraak *vir* God of *oor* Hom nie. *Bid is praat met God.* ⁺ Bid kinderlik eg, in *persoonlike gemeenskap met God*. Die versoening deur Christus gee die vrymoedigheid en toegang. En die Heilige Gees vul hart en mond met die regte bede. ⁺ 'n Liturg bid nie soos 'n priester *vir* die gemeente nie maar *met* die gemeente *vir* hulle. Dit is *die gemeente wat bid* en die liturg

is hulle mond.

- + 'n Vrye gebed is nie onvoorbereid, improvisasie, ondeurdagte uitstort van woorde soos hulle kom nie. Wie hom bloot op die inspirasie van die oomblik verlaat, laat telkens belangrike sake ongenoem en verval maklik in subjektivisme terwyl sy woordkeuse en sinsbou algou stereotiep word.
- + 'n Gebed moet nie uitgeskryf word en dus afgelees word nie, maar moet *voorberei* word. 'n Afgeleesde gebed verloor die fleur van egte besieling deur Geesvervuldheid.

Tot Wie word die gebed gerig?

Al die liturgiese of formuliergebede word gerig tot die Drie-enige God. En Hy word op sy Persoonsnaam aangespreek. Regstreekse aanbidding van Jesus Christus kom ook in die Skrif voor by Stefanus (Hand. 7:59, 60), Paulus (2 Kor. 12:7-9), Johannes (Op. 1:7) en in die algemeen (Hand. 9:14; 1 Kor. 1:2; Rom. 10:12). In Joh. 5:23 lees ons dat die eer Jesus Christus toekom en in Joh. 20:28, 29; Op. 1:17, 18 dat Hy dit aanvaar.

In die Skrif kom regstreekse gebed tot die Heilige Gees nie voor nie. Die rede is: Hy is die Gees wat *in die gemeente* bid (Rom. 8:26). In die gebed tot die *enige God* word die Heilige Gees ten volle aanbid.

In die gebed moet dus gewaak word om nie van die Drie-eenheid 'n drie godedom te maak en elke Persoon apart te aanbid nie. Christus (Mark. 12:29) en Moses (Deut. 6:4) stel vóór en bó alle ander openbaring van God: "Die HERE onse God is 'n enige HERE".

Ons bid *Een God* deur die 'versoening van Christus met die kragtige werking van die Heilige Gees. En die Een God is "onse Vader" (Mat. 5:9).

Die gebed na die preek

Die gebed behoort aan te sluit en te reageer op die Woord van God wat verkondig is. Maar dit moet nie die preek herhaal nie want bid is nie preek nie. So 'n herhaling skep ook die indruk dat die preek nie geslaagd was nie en dat nou 'n laaste desperate poging aangewend word om 'n verlore geleentheid te herstel. Waak dus teen die neiging om *nou*, of verlaas nog, die "spyker" van die preek te wil inslaan.

Die reël is dat hierdie gebed die dank-deel van die erediens inlui. En dit is gewoonlik kort, innig en op die punt af. Want die gemeente het 'n lang luister-en-inneem-handeling onder die preek agter die rug.

** Die gemeente moet tyd gegee word om hulle van luister na die preek oor te skakel na bid tot God. Dit is 'n geweldige geestelike oorgang.*

4.9 Die preek as liturgiese handeling

Die liturgie word op drieërlei wyse vasgestel:

- * Deur besluite van die sinode ter wille van eenheid in diens, naas eenheid in leer en tug.
- * Deur besluite van die plaaslike kerkraad in oorleg met die gemeente.
- * Deur die liturg in sake wat nie anders kan vlot as dat dit aan sy oordeel toevertrou word nie, maar steeds onder toesig van die kerkraad en oordeel van die gemeente.

Onder hierdie laaste val veral die gebede en die prediking. Wanneer soveel aan hom toevertrou word moet die liturg dubbel seker maak dat hy nooit slordig en op grond van oppervlakkige indrukke handel nie. Sy liturgiese optrede moet gedra word deur wetenskaplike weldeurdagte teologiese beginsels. En ten opsigte van die prediking *moet hy waak om nie die res van die liturgie af te rammel om alle aandag toe te spits op die prediking, sowel in voordrag as tydsbesteding, nie.*

Die styl van preek is liturgies van groot belang want dit bepaal in 'n belangrike mate *die gemeente se medewerking en dus hulle erediens.*

- Die prediker moet *natuurlik* bly en homself wees en *nooit* 'n nabootser van 'n ander se styl, stem of gebare word nie. 'n Nabootser is nie meer 'n vrye gesant van God nie maar 'n slaaf van 'n ander mens. Daarom moet hy ooreenkomstig sy eie gawes 'n eie styl ontwikkel binne die grense van die basiese homiletiese en liturgiese beginsels. Op hierdie weg kan 'n man ontwikkel en groei, maar 'n nabootser bly altyd 'n karikatuur.
- Dit het 'n mode geword om preke sonder indeling (hoofpunte) te preek. Miskien is die skimpende gespot met predikante se "drie punte" 'n dieper oorsaak as wat geredelik toegegee sal word. En met die prysgawe van helder indeling is baie van die begrypbaarheid van 'n preek vir die gemeente ingeboet. Want die hoofpunte gee aan die hoorder se geheue en begrip "vashouplekke".

Die meeste goeie algemene redenaars gebruik daarom ook hoofpunte.

Om 'n preek sonder uitgesproke indeling — 'n "sakrokpreek" sonder snit en nate — te preek is nie in elke mannetjie se vermoë nie. Dit is 'n styl vir die uitnemendes, en moet nie sonder sekerheid van die nodige gawe aangedurf word nie.

- Daar is ook 'n bedrieglike selfoorskating in die neiging om "uit die kop", sonder enige skets, te preek. Weer eens, dit is 'n styl vir die enkeles en uitnemendes. Gewoonlik gee dit 'n preek vol gedagtespronge, met tussen in 'n gemaal rondom een gedagte, af. Wie so preek sien maklik 'n gedagte wat hom op die preekstoel te binne skiet as hoogs belangrik aan, omdat dit hom dan eers tref, maar by nadere ondersoek blyk dit slegs van bykomende belang te wees. Prediking is harde werk en eis noukeurige voorbereiding. *Alleen die luiaard en vervaande maak staat op improvisering.* As die man van een talent aan spreekgawe tot homself sê: Omdat ek slegs één talent het en dit dus tog nie ver kan bring nie sal ek maar vir die vaderland weg gaan improviseer, dan begrawe hy die weinige wat hy het en sondig sodoende onteenseglik teen sy Sender, en is self oorsaak dat hy ongestuit agteruitgaan. Wie daarenteen, ook al het hy maar een talent ontvang, met erns en teerheid voor God, stil, toegewyd en getrou, week na week daardie één talent ten volle aanwend om so diep as wat hy kan in die sin van die Skrif in te dring, en wat hy vind in die beste taal waaroor hy beskik en in goeie vorm op skrif te stel, en weet om dit met 'n deelnemende hart op die geloofslawe van die gemeente toe te pas — hy mag miskien geen skitterende prediker word, maar hy gaan tog van jaar tot jaar vooruit en sal sy gemeente duursaam boei. Om jouself in die prediking te wees, maar jouself dan ook in die prediking *ten volle te gee*, bly die geheim van alle werklik stigende bediening van die Woord; en dit is met die oog daarop dat die liturgiese regering van die prediking so byna geheel en al aan die prediker oorgelaat word. Die prediker moet homself wees, hom self aan die Woord en so die Woord aan die gemeente gee (Kuyper, 1911, p. 273-4).

Vir baie het die preek die *eintlike* erediens geword. Dit is 'n jammerlike verarming van die gemeente se eie omgang met God en belewenis van God se bemoeienis met hulle in die *hele* erediens.

- Die Skriflesing is die *hoogtepunt* van God se omgang met sy gemeente.

Die gebed is die *innigste* van die gemeente se nadering tot God.

Die prediking is die *knooppunt* van God se spreke met sy volk en sy volk se spreke tot God.

Preek is nie honderd persent eensydig "aankondiging aan die gemeente" nie. Die prediking in ons erediens is nie gelyk te stel aan die *onbetwyfelbare* openbaringsprediking van die profete en apostels nie. En selfs die profete en apostels moes deur die gemeente beproef word of hulle woorde uit God is deur dit met die bestaande Kanon te meet (1 Joh. 4:1-6). Die gemeente moet nie in onmondigheid slegs aanhoor nie, want selfs Paulus sê aan die gelowiges: "Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê" (1 Kor. 10:15). Bedienaars van die Woord se prediking is eksegeese, verklaring van wat gegee is, en nie nuwe openbaring wat regstreeks van God ontvang is,

selfs as verklaring, nie. Daarom mag en moet die mondige gemeente oordeel met die maatstaf van die Woord. Die prediking is die verantwoordelikheid van die gemeente. Wat hulle daarin aanvaar is hulle belydenis, waarvolgens hulle leer en lewe.

Dit bring ons by die vraag: hoe moet 'n gemeente na 'n preek luister?

Predikante word met noukeurigheid opgelei om te preek, maar lidmate word al te veel aan hulself oorgelaat in die kuns van luister, en die verwerking en evaluering van die gespesialiseerde prediking. Sonder goeie voorligting is die gevaar groot dat lidmate in die ere diens kan sit soos voor die TV: Sit om vermaak te word, sonder om self betrokke te wees en aan die werk te wees; die predikant is in aksie en die lidmaat is 'n toeskouer en nie self 'n deelnemer nie. Die predikant preek, en die lidmaat is nie besig om saam met hom te preek deur medewerkend te luister nie.

Dit laat 'n mens dink aan 'n losskrum op 'n voetbalveld, 'n Speler kry daar 'n steelhout op die oog. Die toeskouers sien dit en is selfs boos — maar buite die skrum! Wie so na 'n preek luister gaan van die ere diens af weg soos die mense wat 'n rugbypawiljoen verlaat: Die spel is verby, die vermaak is afgehandel, die mense gaan hul eie koers en die preek bly in die kerk agter soos die nartjieskille en koeldrankblikke onder die rugbypawiljoen — *uitgedien!* Buite die kerkgebou gaan die geselskap dadelik oor droogte, rugby, politiek.

Die preek moet saam huistoe gaan. By die kospotte, op die lande, agter die lessenaar moet die preek nog werk. Daarom moet 'n predikant sewe jaar studeer. Maar daarom moet 'n lidmaat ook leer om die preek liturgies te hanteer.

Die lidmaat moet weet wat is 'n preek, want sonder hierdie kennis kan hy nie vrugbaar luister nie. Dit gaan hier nie om Homiletiek nie, daarom kan ons dit vir die liturgiek kort sê: 'n Preek moet sê wat sê God deur sy Woord vir hierdie gemeente vandag. Die Bybel is God se Selfopenbaring. Daar word gepreek sodat die gelowiges God reg kan ken. Die sentrale woorde in die Bybel is God se "Ek is". Christus is die Middelaar wat ons met sy "Ek is" by God bring. En die Heilige Gees bring die uitverkorenes deur geloof by die Middelaar tussen God en die mense. Die hele Bybel is 'n antwoord op die vraag: Wie is God? En daarom moet 'n preek aan die gemeente sê wat openbaar God van Homself in sy Woord. Hy eis, beveel, belowe, bestraf en red *omdat Hy is wat Hy is*. Paulus se ganse prediking word bepaal deur die Selfgetuigenis van God (1 Kor. 2:1, 2, 10). 'n Mens weet eers wat jy is — en wat jy behoort te wees — wanneer jy weet wie God is. Dit word pragtig geïllustreer wanneer God sê: "Wees heilig". Dit is 'n bevel. En die rede vir die bevel is: "Want Ek is heilig". Omdat God liefde is moet ons liefhê. Hy is Waarheid, daarom moet ons waar wees en waar praat.

Ons moet weet wie is God dan kan ons weet wie ons as sy kinders is. Hierdie orde kan nie omgedraai word nie. Prediking wat verloop in voorskrifte van wat ons moet wees, werk nie, want dan bou dit 'n gemeente op selfverdienste, selfvertroue, selfbedrog en nie op die soewereine genade van God waarvoor Hy gedank moet word nie. God is die *Getuie en die getuigenis* van alle egte prediking (1 Kor. 2:1).

Liturgies is die *werk* van 'n lidmaat: *Luister*. Hy luister om te hoor wat sê God van Homself deur sy Woord in die prediking. Daarom sê ons 'n ere diens is 'n ontmoeting van God met sy gemeente. Die gemeente ontmoet God in sy Woord.

Daar is geen ander ontmoeting met Hom nie: Hy sê aan die gemeente wie Hy is en hulle glo dit — of glo dit nie. Die gemeente *handel* dan soos dit betaam in sy gemeenskap of ignoreer sy bestaan. Om reg te kan lewe moet die mens God reg ken. Daarvoor luister 'n gemeente na 'n preek.

Die voorbereiding van 'n preek is intensiewe harde werk. Dit is ook kinderlike gebedsworsteling, biddend om God se Woord te verstaan en die betekenis daarvan in die lewe van die gemeente van die dag. Want wie kan die Bybel ooit verstaan as die Heilige Gees dit nie oop maak nie. Om God te

ken is immers om in 'n geheimenis, 'n misterie in te kyk — jy kan daarin kyk maar nooit *daardeur* kyk nie; jy kan God ken omdat Hy Homself openbaar maar jy kan Hom nooit begryp nie. Daarom is die Bybel eenvoudig en verstaanbaar en tegelykertyd 'n diep, diep misterie waarin 'n kind genoeg kan sien om God te ken en waarvan die grootste teoloog nog maar net begin om die dieptes te deurgrond.

Wonderlik is die Woord van God se Selfopenbaring! Daarom moet die Gees van God die Bybel vir 'n mens oop maak (Matt. 11:25; 1 Kor. 2:10). En Hy doen dit in die erediens langs die weg van die predikant se inspanning: Eksegese, studie, meditasie, bid, formulering, voordrag.

Wat gebeur wanneer die preek as deel van die liturgie gelewer word? Die Heilige Gees wat vir die predikant die Woord geopen het, dieselfde Gees spreek vanaf die preekstoel deur die predikant. Daarom praat ons van "lewende verkondiging" van die Woord. Die lidmaat wat daarna luister soos na 'n TV-konsert sal wel al die woorde kan hoor maar sal nie DIE WOORD hoor wat die Gees tot die gemeente spreek nie. En daarom sal hy God nie in die preek ontmoet nie. Wanneer hy die kerkdeur uitgaan bly die preek in die kerk agter. Dieselfde Gees wat die preek gegee het en wat dit vir die predikant geopen het moet ook die hoorder se hart (begrip en gevoel) ontsluit, oopmaak vir die geopende Woord.

Om waarlik deel te hê aan die liturgiese gebeure van die prediking is daar net een manier om te luister: Geestelik op die knieë! Net soos daar geen ware prediking kan wees as dit nie biddend, worstelend met God tot geboorte kom nie, net so kan 'n preek nie "gehoor" word nie as daar nie biddend voorbereiding vir biddende luister is nie. Daarom nie: Sondagmôre laat slaap, suf inderhaas "kerk toe", dink nog steeds aan eie besigheid voordat die predikant en kerkraad inkom; nooit 'n oomblik van afsondering, worsteling met God om God; geen gebedsgemeenskap in verlange: "Here, maak dit vir my moontlik, en maak daarvoor u Woord vir my oop en my vir u Woord oop, sodat ek U reg kan ken".

Wie sal weet hoeveel kerkgangers het in werklikheid geen deel aan die liturgiese handeling van die prediking nie, en gaan om die rede huis toe sonder dat hulle *God gehoor* het?

Wie biddend, worstelend met God om God, met die preek besig is vind in 'n preek iets anders as 'n predikant wat praat en voordra. Want hy is self besig om in die preek te werk, omdat wat in die preek gesê word sy geloofsbelydenis moet wees. Sy medewerking kulmineer in die "amen" wat hy die prediker moet nasê. "Amen": Dit is waar en seker. "Amen" is 'n moeilike woord vir 'n prediker om te sê, maar ook vir die lidmaat want hy moet dit sê net soos hy saam met die liturg die Twaalf Artikels moet bely en saam met hom moet bid. Aan die einde van 'n preek sê die wat luister — en daarom moet hulle aktief luister — *saam* "Amen", of hulle sê: "Nee". Maar hulle kan nie niks sê nie en kan nie neutraal wees nie. Want in die preek het God met sy Woord deur sy Gees gespreek en die gelowige moet met die Gees saam spreek — dit is belydenis doen; of hy verwerp die preek as 'n woord sonder die Gees of hy verwerp die Woord van die Gees. Prediking stel liturgies die luisterende mens onverbiddelik voor die keuse van "ja" vir God of "nee" vir God. Wie "ja" sê, sê "amen", en lewe met God. Wie "nee" sê, gaan leeg en onbetrokke weg, sonder God se genadegemeenskap.

Wat gepreek word is liturgies voluit elkeen wat dit hoor se medeverantwoordelikheid. Die prediking is die lewende belydenis van die gemeente.

Wie dus nie daarop "amen" kan sê nie mag nie swyg of daarna sommer net van die erediens wegbly nie, mag ook nie maar net die gemeenskap met die gemeente verbreek nie, maar moet in sy hoë verantwoordelikheid die eer van God soek in navraag, of desnoods in beswaar.

Die liturgiese aktiwiteit van luister is dus voluit in die hoogste mate aktief en verantwoordelik. 'n Gelowige luister so na 'n preek dat hy medeverantwoordelikheid aanvaar voor God vir elke woord wat gesê word, en daarop "amen" durf sê.

Dan is dit baie moeiliker om aan hierdie deel van die liturgie deel te neem as wanneer 'n mens passief soos 'n buitestander "aanhoor". Maar deur liturgies aktief en verantwoordelik te deel in die prediking word hierdie deel van die erediens ook ontsaglik heerliker en ryker, want dan ontmoet die lidmaat in die prediking nie die predikant nie maar sy God.

Prediking en Bybelstudie

Om die liturgiese aktiwiteit van die gemeente in die prediking te bevorder — 'n mens kan self sê: Om dit moontlik te maak — moet die lidmate in staat gestel word om hulle ook op die Skrifgedeelte waaruit gepreek word voor te berei. Daar is niks voordeligs in die "verrassing" om die teks (en tema) solank moontlik vir die gemeente verborge te hou en dan onverhoeds op hulle gemoed af te skiet nie.

Prakties kan ons die organiese verhouding van Bybelstudie en prediking soos volg stel: Die predikant maak 'n week vooraf bekend oor watter gedeelte hy D.V. die volgende Sondag sal preek. Die Kategismus staan reeds vas. Die lidmate en gesinne doen hulle Bybelstudie oor die betrokke Skrifgedeelte. Selfs al sou iemand nie verder kom as om te probeer vasstel wat die teks uit die gedeelte behoort te wees nie, verg dit al studie en is hy nie geheel en al onvoorbereid nie! In die prediking trek die predikant dan vir 'n voorbereide en ingeligte gemeente die openbaringslyne saam en verklaar die openbaringsinhoud vanuit 'n sentrale teks. Hierdie praktyk sal dit ook voluit sinvol maak dat die *lidmate hulle Bybels in die liturgie gebruik* om medewerkend te wees in die prediking.

Indien dit soms gebeur dat 'n predikant deur dringende gebeurtenisse genoodsaak word om oor 'n ander Skrifgedeelte te preek vernietig die uitsondering nog nie die reël nie.

4.10 Die afsluiting van die erediens

4.10.1 Die slotsang

Die slotsang is normaalweg 'n danklied, maar dit mag met goeie gronde ook anders wees. Die gemeente gaan met God die lewe in en dank Hom vir die heerlike voorreg van sy gemeenskap met hulle. Daarom 'n lied van lof, geloofsmoed en geloofsvertroue. Dit plaas 'n demper op die stemming van die hele erediens as die slotsang swak en halfhartig gesing word. Daarom moet 'n lied en melodie gekies word wat goed bekend is en uit volle bors gesing word.

Die gewoonte om hier, of ook elders in die liturgie, sang aan te kondig as "antwoord" op die prediking *klink* oppervlakkig mooi maar is liturgies gevaarlik. Die slotsang is nie bloot 'n antwoord op die preek nie, maar reflekteer op die hele erediens. Die sang na die Wet is nie bloot 'n "antwoord op die Wet" nie — hierdie beperkende kanalisering van die gelowiges se erediens is te onpersoonlik want die gemeente antwoord, ten minste, *die persoon agter die Wet*, die enige God. Dié sang is 'n gemeenskap met God Self (Eks. 20:2). 'n Liturg moet hom nie laat verlei om met ondeurdragte seremoniemeesteragtigheid die diepste sin van die liturgie te versteur nie. 'n Liturg wat té veel wil doen staan in die Heilige Gees se pad.

4.10.2 Die Barmhartigheidsdiens

Dit is 'n middelmatige saak of die kollekte by die deure; d.w.s. terwyl die mense die kerkgebou verlaat, of onder die erediens geskied. Indien dit onder die erediens geskied is die logiese plek in die dankdeel van die diens en voeg dit goed in net voor die slot-psalm en net na die dankgebed.

Hoofsaak is dat die ere aan God daarin reg begryp word. Die gemeente bewys *dank aan God* deur barmhartigheid aan die armes *omdat hulle Vader barmhartig is*.

Wie hier net geld raaksien of hoor, wat uit pas sou wees met die geestelike karakter van die erediens, loop gevaar om geld los te maak uit die diens van God. En so 'n losmaking is eie aan materialisme en geldgierigheid.

4.10.3 *Die slotseën*

Oor die seën is reeds gehandel. Daaraan word slegs toegevoeg dat dit nie as 'n blote afsluiting hanteer moet word nie. Daarom staan die bepaling in die Psalmboek daarby om die gemeente op te roep om die seën te ontvang. Dit is wel 'n vraag of die woorde: "Verhef u harte tot God" nog vir almal duidelik is. Dit kan in meer verstaanbare woorde gesê word: "Laat ons ons nou bewustelik voor God se Aangesig stel en sy seën ontvang". Die Drie-enige God sê sy seën aan die gelowiges toe:

"Die Here seën u en behoed u;
die Here laat sy aangesig oor u skyn en is u genadig;
die Here verhef sy aangesig oor u en gee u vrede" (Num. 6:24v).

of

"Die genade van die Here Jesus Christus
en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees
sal met julle almal wees" (2 Kor. 13:13).

Die liturg volbring sy opdrag om die Naam van die enige God op die gemeente te lê;

"en Ek sal hulle seën (Num. 6:27), sê die HERE.

"Geseëndes",

so stuur God die gemeente die lewe in nadat hulle Hom gesoek het om sy lieflikheid te aanskou en te ondersoek.

Al die dae van die gelowige se lewe word onder sy seën 'n tempeldiens, terwyl hy by die Here woon in die vervulling van sy opdrag:

"Stel julle in diens van God
as mense
wat dood was
maar
lewend gemaak is,
en stel elke deel van julle liggame
in diens van God
as werktuie om geregtigheid te doen" (Rom. 6:13).

Erediens?

Is lewensdiens!

SOEK DIE HERE IN SY TEMPEL.

Aangehaalde Werke

- Bouma, C., De Brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus. In die reeks: Kommentaar op het Nieuwe Testament, Kok, Kampen, 1942.
- Brink, L., De Eredienst; een liturgische catechese. Boekensentrum, S' Gravenhage, 1979.
- Calvijn, J., Institusie of onderwijzing in de Christelike Godsdienst. Vertaal deur A. Zizoo. Vierde druk. Meinema, Delft, 1959.
- Calvijn, J., Uitlegging op de Zendbrieven. Uitgegee deur H.M. Donner. Donner, Leiden, 1888.
- Aan de Romeinen.
- Aan de Thessolonicensen.
- Calvijn, J., Uitlegging van de Pastorale Brieven, vertaal deur dr. H. Schroten, In die reeks: Calvijns Commentaren op de Zendbrieven. Kok, Kampen, 1966.
- Delitsch, F., Biblical Commentary on the Psalms. Vertaal deur David Eaton. In die reeks: The Foreign Biblical Library. Hodder & Stoughton, London, 1839.
- De Jonge, M., De Brieven van Johannes. Callenbach, Nijkerk, 1968.
- Du Toit, J.D., Totius versamelde Werke, deel 3. Eeufesuitgawe onder redaksie van prof. dr. Hertzog Venter. Tafelberg, Kaapstad, 1977.
- Eichrodt, Walther., Der Herr der Geschichte; Jes. 13-23 und 28-29. Calwer, Stuttgart, 1967.
- Frey, Helmuth., Das Ziel aller Dinge. Calwer, Stuttgart, 1953.
- Gispen, W.H., Het boek Exodus, tweede deel. In die reeks: Korte verklaring der Heilige Schrift. Kok, Kampen, 1939.
- Gispen, W.H., Het boek Numeri, deel een. In die reeks: Commentaar op het Oude Testament. Kok, Kampen, 1959.
- Greijdanus, S., De Brief van den apostel Paulus aan de Galaten, tweede druk. In die reeks: Korte Verklaring der Heiligen Schrift. Kok, Kampen, 1938.
- Greijdanus, S., De Drie Brieven van den apostel Johannes. In die reeks: Korte Verklaring der Heiligen Schrift. Kok, Kampen, 1934.
- Greijdanus, S., De Openbaring des Heeren aan Johannes. In die reeks: Kommentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1925.
- Grosheide, F.W., Bybelse Ensiklopedie. Vertaal deur J.H. van Wyk. Verenigde Protestantse uitgewers, Kaapstad. 1955.
- Grosheide, F.W., De Brief van Paulus aan de Efeziërs. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1960.
- Grosheide, F.W., De eerste brief aan de kerk te Korinthe. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1957.
- Grosheide, F.W., De brief aan de Hebreërs, tweede hersiene druk. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1955.
- Grosheide, F.W., Het heilige Evangelie volgens Johannes, deel een. In die reeks: Kommentaar op het Nieuwe Testament. Bottenburg, Amsterdam, 1950.
- Grosheide, F. W., De tweede brief van den apostel Paulus aan de Kerk te Korinthe. In die reeks: Kommentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1939.
- Handelinge van die 32ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1955.

- Hendriksen, W., The Gospel of John. In die reeks: New Testament Commentary. The Banner of Truth Trust, Edenburgh, 1976.
- Hendriksen, W., I & II Thessalonians: In die reeks: New Testament Commentary. The Banner of Truth Trust, Edenburgh, 1976.
- Heyns, W., Liturgiek, ten dienste van de studenten aan de Theologische School der Christelijke Gereformeerde Kerk te Grand Rapids. Melkboer, Holland, 1903.
- Jonker, H., Liturgische Oriëntatie, derde druk.
- Jooste, J.P., Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 1958.
- Jooste, J.P., Kom in sy Voorhowe, Pro Rege, Potchefstroom, 1957.
- Kittel, Gerhard., Theological Dictionary of the New Testament. Translator and Editor G.W. Bromiley. Michigan, 4de druk, 1969. (Aangehaal as: T D N T)
- Kret, A.J., De Hervormde Kerkdienst; een dogmatische bezinning op een hoofstuk uit de liturgiek. Boekencentrum, S' Gravenhage, 1955.
- Kruijf, E.F., Liturgiek, Wolters, Groningen, 1904.
- Kuyper, A., Onze Eredienst. Kok, Kampen, 1911.
- Lane, William L., Commentary on the Gospel of Mark. In die reeks: The New International Commentary of the New Testament. Eerdmans, Grand Rapids, 1974.
- Lohmeyer, Ernst., Die offenbarung des Johannes. In die reeks: Handbuch zum Neuen Testament. Mohr, Tübingen, 1953.
- Matter, H.M., De brief aan de Philoppenzen. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament, Kok, Kampen, 1965.
- Meulenbelt, H.H., Onze onderlinge bijeenkomst; bydrage tot de kennis en waardering van den kerkdienst bij de hervormden in Nederland. Tuys, Utrecht, 1918.
- Noordtzijs, A., Het boek Numeri. In die reeks: Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kok, Kampen, 1941.
- Psalms., Die berymde Psalms in gebruik by die drie Afrikaanse Kerke en die Skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- Ridderbos, H.N., Het Evangelie naar Mattheüs. In die reeks: Korte verklaring der Heilige Schrift. Kok, Kampen, 1941.
- Ridderbos, Herman., De Pastorale Brieven. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1967.
- Ridderbos, Herman., Aan de Kolossenzen. In die reeks: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1960.
- Ross, Alexander., Commentary on the Epistles of John and James. In die reeks: The New International Commentary of the New Testament. Eerdmans, Grand Rapids, 1966.
- Schnakenburg, Rudolf., Die Johannesbriefe. In die reeks: Herder Theologischer Kommentar zum Neuen Testament. Herder, Freiburg-Basel-Wien, 1970.
- Snijders, L.A., De prediking van het Oude Testament: Jesaja. Callenbach, Nijkerk, 1959.
- Strack. K.L. (en Billerbeck, Paul)., Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud and Midrasch. Beck, München. 1922.

- Thompson, G.H.P., The Letters of Paul to the Ephesians, to the Colossians and to Philemon. In die reeks: The Cambridge Bible Commentary. University Press, Cambridge, 1967.
- Trimp, C, Formulier en Gebeden. V.d. Berg, Kampen, 1978.
- Van Es, E., Ambt en Gebed. Kok, Kampen, sj.
- Van der Vyver, G.C.P., Professor Dirk Postma. Pro Rege, Potchefstroom, 1958.
- Van der Werf, J., Kleine Liturgiek. Boekencentrum, S' Gravenhage, 1976.
- Van der Walt, J.J., Christus as Hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregering. In die reeks: Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O., reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 21. Pro Rege, Potchefstroom, 1976.
- Versteeg. J.P., De Heilige Geest en het gebed. Kok, Kampen, 1973.
- Versteeg J.P., Het Gebed volgens het Nieuwe Testament. Buijten & Schipperkeijn, Amsterdam, 1976.
- Velema, J.H., Gebeden in de Bijbel, derde druk. Kok, Kampen, 1978.
- Warren, K.V., A Historical and biblical/theological consideration of prayer as a means of grace. Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1980.
- Zuidema, S.U., Ons gebed. Wever, Franeker, 1951.